# K E R K R E G E R I N G

## DIE KERKORDE VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID AFRIKA

## DEEL II

## OOR DIE KERKLIKE VERGADERINGE

## ARTIKELS 29-52

KLASDIKTAAT : DERDE EN VIERDEJAARS

Prof. G.P.L. v.d. Linde

# ARTIKEL 29

Die eerste deel van die K.O. handel oor die ampte of dienste soos dit aan die plaaslike kerk verbonde is.

Daar is egter reeds in verskeie artikels o.a. 4, 5, 8, 10 tot 15 ens., sprake van die Klassis en/of die Partikuliere Sinode.

Daaruit blyk dat daar van die begin af twee beginsels in die K.O. sterk na vore tree, naamlik die selfstandigheid van die plaas= like kerk en die noodsaaklike belewing van die eenheid van die kerke in die kerkverband.

Die plaaslike kerk is die volledige en selfstandige openbaring van die liggaam van Christus op aarde. Dit is volledig Kerk.

Die bepaalde plaaslike kerk is egter nie alleen kerk nie. Daar is op talle ander plekke ook volledige, selfstandige kerke.

Omdat die kerke èèn in Christus is en waar hulle eenheid blyk in die èèn belydenis, Liturgie en Kerkregering (èèn in leer, diens en tug) moet hulle hierdie eenheid onderling beleef en bewaar. Hulle is opmekaar aangewys vir hulle bestaan en roepings= vervulling in gehoorsaamheid aan hulle èèn Hoof Christus. Christus is die band tussen die kerke wat in (kerk) verband met mekaar leef. Christus is die band tussen die kèrke wat in (kerk) verband leef. Die vrug van die eenheid in Christus en die verantwoordelikheid vir mekaar as soveel openbaringe van die een liggaam van Christus is die organisasie van die kerke tot onderlinge samelewing en opbou. Dit gebeur in die meerdere vergaderinge, in vergaderinge van meer as een kerk om kragtens die kerkverband te beslis oor sake van gemeenskaplike belang. (V.g.l. oor die kerkverband ook Diktate 1976 en 1977. V.g.l. vir die standpunt dat meerdere vergaderinge wel geoorloof maar nie noodsaaklik is nie, Prof. S. Greydanus : "Schriftbeginselen van Kerkrecht inzake meerdere vergaderingen".)

Kragtens hierdie beginsels is dit noodaaklik dat daar ten minste twee kerklike vergaderinge onderhou moet word nl. 'n vergadering wat die belange van die plaaslike kerk en èèn wat die gemeenskaplike belange van al die plaaslike kerke behartig. In Artikel 29 word, na gelang die praktyk die verskillende belangesfere uitgewys het, bepaal "vyf kerklike vergaderinge moet onderhou word" - èèn, die Kerkraad met die oog op die belange van die plaaslike kerk en

vier, met die oog op in belang van kerke in verskillende belange=sfere.

In die plaaslike kerk regeer die geroepe (presbuteroi) gesamentlik as kerkraad (kyk Art. 37). Die kerkraad vorm die uitgangspunt vir die organisasie van die kerke wat in verband met mekaar leef. Die kerkraad is die primêre kerklike vergadering.

Die volgende vergadering is die klassis. Dit is 'n vergadering waarin genabuurde kerke byeenkom om te beslis oor sake wat hulle gemeenskaplik raak. Die vergadering van meer kerke laat egter nie die kerke ineen smelt tot 'n nuwe kerk nie. Dit bly nog aparte kerke wat saam beslis oor wat Christus vir hulle elkeen afsonderlik en hulle almal saam beveel t.o.v. die belydenis en wandel. Die onderlinge afhanklikheid van mekaar, wat die meerdere vergaderinge noodsaak, hef nie die plaaslike selfstandig=heid op nie.(vgl. Art. 41).

Die Partikuliere of provinsiale Sinode behartig weer die be=lange van kerke wat veral spruit uit die streke waarin hulle hul in die staatkundige bedeling bevind. In Nederland en Suid Afrika het die staatkundige grense van die streke of provinsies aanvanklik ook die grense van die partikuliere sinodes bepaal. Die indeling wat deur die Sinode van 1976 gemaak is laat egter die vraag ontstaan of dit nog ten volle aan die gedagte behels in art. 29 en 47, laat geskied. Dit wil voorkom asof juis die belange wat in Partikuliere Sinode naas 'n klassis en nasionale sinode noodsaaklik maak, in die huidige indeling buite rekening gelaat is. Die provinsiale indeling het veral die oog op besondere omstandighede wat al die kerke in die provinsie raak en nie deur een klassis behartig kan word nie. Al die klassisse in die besondere streek of provinsie kom dan saam om veral ook aan die sake aandag te gee. Die huidige indeling wat klassisse uit verskillende streke en provinsies saam groepeer ontneem aan die Partikuliere Sinode 'n groot deel van hulle agenda. Dit word 'n vraag of die Partikuliere Sinode onder die huidige indeling bestaansreg het in S.A. waar die Gereformeerde bevolking so dun is.

.............3/

Die Nasionale Sinode is vervolgens die breedste vergadering van kerke onder 'n besondere volk (Art. 50). Die ou art het net uit die vier vergaderinge volstaan.

In die Algemene Sinode kom alle kerke in S.A. sedert 1965 met dieselfde Gereformeerde belydenis en kerkregering saam ter be= hartiging van sake wat hulle gemeenskaplik raak.

Eintlik kan die instelling van die Algemene Sinode beskou word as die eerste stap tot die instelling van 'n ekumeniese Sinode.

Die Sinode van 1964 verklaar dat wat "die verband van die kerke onder verskillende volksgroepe betref "sou die normale weg (d.w.s by territoriale geskeidenheid) gewees het, 'n ekumeniese Sinode van Gereformeerde kerke in verskillende lande insluitend die in Nederland, Noord Amerika, Indonesië, ens..... (Acta 1964; p 267).

'n Ekumeniese Sinode in die ware sin van die woord kan nog nie 'n werklikheid word nie. Derhalwe is besluit tot die instelling van 'n binnelandse ekumeniese sinode. "Daar sal dus 'n gewone ekumeniese sinode (binnelands) oor die volksgroepe heen, moet wees. Die betrokke Kerk Orde - Artikel sal aangevul moet word sodat die meerdere vergaderings sal bestaan uit klassis, Part. Sinode, Nasionale Sinode en 'n ekumeniese (of Generale Sinode)....."

Opdrag is ook gegee dat so 'n Sinode spoedig moes byeenkom en dat dit self oor 'n naam sou beslis. (Acta 1964 p 267, 268, 269)

Die eerste Algemene Sinode gehou te Ikageng, Potchefstroom 1965, het besluit op die naam: Algemene Sinode van Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika. Acta 1967, p 347 (kyk ook vir die wysiginge van die betrokke artikels deur die Algemene Sinode Acta (Geref. K. S. A.) 1976 pp 431/2).
Daar was al verskeie pogings tot die instelling van 'n Ekumeniese Sinode van kerke wat een in leer, diens en tug in die wêreld is. Die Sinode van Burgersdorp 1930 het die saak so sterk op die voorgrond laat kom dat die Sinode van Amhem hulle bereid verklaar het om 'n Ekumeniese Sinode van kerke (uit S.A., Nederland en Noord-Amerika) in Nederland saam te roep. Die ekonomiese

toestande van destyds - die depressie - laat die plan egter skipbreuk ly.

Na die tweede wêreldoorlog kom die kerke tog in Grand Rapids, V.S.A. byeen gedurende 1946. Tot die instelling van 'n ware ekumeniese Sinode het dit egter nie gekom nie. Die vergadering wat daarna gereeld onder die naam van "Gereformeerde Ekumeniese Sinode" byeen kom is in der waarheid niks meer as 'n konferensie van kerke wat dieselfde belydenisskrifte het, maar nie dieselfde kerkorde nie.

## ARTIKEL 30

In artikels 30-36 vind ons algemene bepalinge rakende die kerklike vergaderinge.

Art. 30 word deur die groot beginsel beheers: die kerk is in die wêreld maar nie van die wêreld nie.

1. Die kerk is die liggaam van Christus; die vergadering vir gelowiges en as sodanig die openbaring of teken van die Koninkryk van die hemele wat naby gekom het. Die kerk wys heen na die toekoms terwyl dit in die hede op die aarde leef en 'n roeping het. Die kerk moet ingerig wees en leef ooreenkomstig die voorskrifte van die Hoof om te kan bestaan in die wêreld as teken van die koninkryk van die hemele en om in hierdie wêreld sy roeping te vervul (Matt. 5:13 v.v.)

Die kerk is nie van die wêreld nie in die sin dat dit moet opgaan in die wêreld, dat dit die wêreld moet oorneem en omskep tot die koninkryk van die hemele nie vgl. Pred. 1 veral vers 15). Dit moet met woord en daad verkondig. "Bekeer julle want die Koninkryk van die hemele het naby gekom. En dit moet in belydenis en wandel die heerskappy van God in Christus erken. Die wêreld bly egter nog self verantwoordelik vir sy houding teenoor God. Al verkondig die kerk die heerskappy van God in Christus, is dit nog die verantwoordelikheid van die wêreld om onder leiding van die owerhede wat Hy oor die wêreld gestel het, hulle onder die heerskappy te skik. Die regering van die wêreld is nie uit die hande van die owerhede (staatkundige of maatskaplik) geneem en aan die kerk gegee asof die kerk reeds koninkryk van die hemele

is en dat alle dinge daaraan onderworpe is nie.

Dit was die dwaling wat so vroeg as in 385 die kerk begin beheers het. Biskop Siricius van Rome het toe reeds duidelik verklaar soos ander voor hom dat hy die erfgenaam van Petrus op aarde is. Hy dra almal se laste en aanvaar die verantwoordelikheid vir die hele Christendom volgens II Kor. 11:28. Daarin skuil die ge=dagte wat sedert die 5e eeu al sterker uitgebou is en in die elfde eeu deur Gregorius VII afgekondig is, dat die pous die heer van die wêreld is wat ook die wêreldlike gesag aan alle owerhede verleen. Hy sê: die staatsgesag ontvang die lig van die pouslike gesag, soos die maan van die son. Kragtens hierdie be=ginsel het die staatsreg (ook die maatskappy reg) in die kanonieke=reg opgegaan. Die pouslike en sinodale dekrete, versamel in die Pseudo-Isodoniese bundel en aangevul deur Gregorius VII, het as Kanon vir die hele lewe gegeld. Die pous het as plaasver=vanger van Christus aan die hoof van die kerk te staan gekom en waar die kerk met die koninkryk van die hemele vereenselwig is, is alle dinge aan die kerk, dit is die pous, onderworpe.

Op kerklike vergaderinge hoort volgens die opvating dus ook alle wêreldlike sake tuis. Vandaar dat die kanonieke reg alle terreine van die lewe dek.

Die reformatore het die dwaling uitgewys en aangetoon dat hoewel die kerk in die wêreld is, is dit tog nie van die wêreld nie. Christus sê self: My ryk is nie van hierdie wêreld nie.

"Kerklike vergaderinge moet alleen kerklike sake ... behandel". Christus versorg immers sy kinders as die kerk deur Sy Gees en Woord, sodat hulle die goeie stryd kan stry en die geloof kan behou in hierdie wêreld terwyl hulle aan die wêreld verkondig: "Bekeer julle want die koninkryk van die hemele het naby gekom." Die wêreld is nie aan die kerk ondergeskik gemaak nie. Dit is uit die wêreld geroep en het 'n opdrag met betrekking tot die wêreld, maar dit neem nie die plek van die wêreldlike owerhede in nie. Kragtens die aard en deel van die kerk kan op kerklike vergaderinge alleen kerklike sake, dus alleen sake wat pas by die aard en doel van die kerk, behandel word.

Die vergaderinge kan hulle nie met politieke, maatskaplike, militêre of wetenskaplike sake besig hou nie. Hulle moet alleen die kerk regeer sodat die kerk, kerk sal wees en bly.

Omdat die kerk in die wêreld is; daarin moet bestaan en 'n roeping het om te vervul is daar raakvlakke tussen kerk en owerheid; kerk en maatskappy; kerk en skool; ens. Die Sinode van Aliwal Noord het in 1942 (art. 45) artikel 30 in die verband nader verklaar deur die weg van korrespondensie, onderlinge raad=pleging te volg. Maar so dat die kerk wel die lig van God se Woord op politiekesake, skoolsake, ens werp, maar nooit voor=skriftelik daarin optree nie. Die kerk mag nie wette maak en aan die owerheid opdring nie of reglemente vir 'n vereniging voorle nie ens.

Die kerk moet getuig en die owerheid moet die land regeer! "Maar wyl de kerk als een zuurdeegen heeft te werken, is het haar taak het licht des woords te laten schÿnen en daardoor de volks=conscientie te bewerken, opdat er vanuit het volk de drang ont=sta, dat de Overheid tot beter nakoming van haar plicht gedrongen worde". (Bouwman 1934, Geref. (kerkrecht II p. 31). Die kerklike vergaderinge is geroepe om die kerk te regeer en nie om oor alles en nog wat te handel nie.

Belangrik is ook wat B. Spoelstra, 1966, Handleiding, p. 184, skryf: "'n Blik in die handelinge van kerklike vergaderinge .... toon dat daar 'n neiging is om van kerklike vergaderinge 'n studie' of uitspraak te verlang oor maatskaplike, ..... en ander opsien=barende bewegings ..... Dit moet onthou word dat 'n kerklike vergadering geroepe is om in en oor die kerk (gemeente) te regeer. 'n Kerklike vergadering moet beslissinge neem en daarom moet lidmate en ampsdraers studeer. (Kurs. van my) Die Woord moet in prediking, kategese, huisbesoek, tugoefening amptelik bestudeer en aangewend word ...."

Dit is dikwels moeilik om te bepaal of 'n saak op 'n kerklike vergadering tuis hoort. Elke geval moet op meriete beoordeel word. Vgl. bv. die beswaar van Eikenhof teen ramings vir die Trans Oranje Skool Acta 1964, p 375. Kerklike sake moet "op kerklike wyse behandel word".

Die gewone werkwyse van die parlement of enige vereniging kan nie net so deur kerklike vergaderings oorgeneem word nie.

Die kerk is ŉ instelling van God en staan onder die heerskappy van Christus. Die vergaderinge is geroepe om die heerskappy van Christus in die kerke te verwesenlik.

Alleen sake dus wat met die bestaan en roepingsvervulling van die kerk, ooreenkomstig die voorskrifte van Christus, te doen het, hoort op die agenda en die sake moet alleen volgens die voorskrifte van Christus afgehandel word. En Christus sê: "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie. In Sy kerk word nie deur krag en geweld gehandel nie" maar deur My Gees sê die HERE van die leër=skare" (Sagaria 4:6). Die kerk is aan die geestelike be=stuurswyse onderworpe (vgl. N.G.B. art. XXX). Die kerklike vergaderinge kan nie dringend nie maar moet oortuigend, oorredend, teregwysend en leidend optree (vgl. 1 Petr. 5:1-3; Matth. 23:8, 10 en 11).

2. Daar mag ten slotte nie uit die oog verloor word dat die plaaslike kerk selfstandig en afhanklik is nie.

ŉ Kerkraad moet sy taak ten volle vervul en nie elke saak gerief=likheidshalwe na die Klassis verwys nie. ŉ Kerkraad doen bv. geen moeite om die lig van Gods Woord oor ŉ voorkomende saak te ontsteek nie en vra dat die Klassis via die Part. Sinode die Nasionale Sinode moet versoek om ŉ studie daarvan te maak of hom daaroor uit te spreek. Die mindere vergadering probeer dan nie eers om die saak af te handel nie. Ongelukkig kom die onselfstandige optrede van plaaslike kerke al hoe meer voor; vandaar dat meerdere vergaderinge ontaard in debatteer-en studieliggame. ŉ Kerkraad behoort hom uit te spreek oor sake wat voor hom kom en as dit ander kerke ook raak behoort die kerkraad se studie en beslissing vir beoordeling aan die Klassis voorgelê te word.

ŉ Meerdere vergadering het nie die reg om in sake wat die plaas=like kerk raak in te gryp terwyl die kerkraad dit self kan af=handel nie. Indien die kerkraad of enige mindere vergadering maar net ŉ saak deurstuur sonder om self te poog om dit af te

............/8

handel, moet die meerdere vergadering dit na die mindere terug verwys.

Die plaaslike kerk is egter ook afhanklik van ander kerke daarom moet die plaaslike kerk die ander kerke om hulp vra, vgl. Handelinge 15). Sake wat eintlik net by die plaaslike kerk tuishoort kan op verskillende maniere op die tafel van 'n meerdere vergadering kom. Dit kan gebeur in die geval van onmag en/of onvermoeë van 'n kerkraad om sy eie sake af te handel. In so geval roep die kerkraad self die hulp van die meerdere vergadering in.

Dit kan ook wees dat 'n kerkraad 'n saak afgehandel het maar dat daar 'n minderheid van die kerkraad of van die gemeente is wat nie oortuig is dat die saak ooreenkomstig die skrif, belydenis en/of K.O. afgehandel is nie. In so 'n geval het die wat nie in die meerderheidsbesluit kan berus nie die reg van beroep op die meerdere vergadering waaroor in art 31 gehandel word.

'n Kerkraad kan voorts ook onwillig wees om 'n saak af te handel. Dan is dit wanbestuur en kan die Klassis (en in die geval van 'n Klassis, die Part. Sinode) gevra word deur kerkraadslede en/of lidmate om in te gryp. 'n Meerdere vergadering het selfs in buitengewone gevalle die plig om in te gryp in die sake van 'n mindere vergadering as die wanbestuur vanself onder die aandag kom, sonder dat daar 'n beroep uit die mindere vergadering daar=toe is op die meerdere vergadering. Vgl. Diktaat 1976 oor die Kerkregering stelsels.

As dit gebeur dat sake al baie ver ten kwade ontwikkel in 'n plaaslike kerk. Dit kan dan wees dat 'n kerkraad weier om op te tree teen 'n kerkraad wat openlik dwaalleer verkondig. (Vgl. die Kerkraad van Amsterdam (Nederland) wat weier om teen Wiersinga, wat die plaasbekledende versoening van Christus openlik loën, op te tree. Kragtens die bevel deur die Apostel o.a. in Galasiërs 6:1 en 2, sowel as Efesiërs 4:1-16, moet die meerdere vergadering ingryp en doen wat des kerkraads is, in so 'n uiterste geval.

Hieroor is daar veel verskil onder Gereformeerdes. Selfs was die verskillende opvattinge oor die reg van meerdere vergaderinge

al die oorsaak van kerkskeuring soos in die Gereformeerde Kerken in Nederland in 1944 en weer in die Gereformeerde Kerken (Vrygemaak) in die sestiger jare. (Vir litteratuur oor die onderwerp kyk o.a. by die ter sake hoofstuk die opgawe in: G.P.L.v.d. Linde (1965). Die Grondbeginsels van die Presbite= riale Kerkregering stelsel. Vgl. ook J. Kamphuis: 1966; Verkeningen III, (veral Bls. 131 e.v.; en bls 153); J. Kamp= huis (1967), Verantwoording van een Keus Anno Domini 1967; Ds. G. Jansen 1963: Schorsing en Kerkverband).

Die selfstandigheid van die plaaslike kerk hef egter nie sy afhanklikheid op nie. Daar is sake wat vanselfsprekend by die meerdere vergaderings tuishoort; dit is sake wat die plaas= like kerk nie kan afhandel nie. By die Klassis hoort tuis alle sake wat die genabuurde kerk raak; by die Part. Sinode weer alle sake wat die kerk in die streek of provinsie raak; by die Nasionale Sinode alle sake wat al die kerke onder die be= sondere volk raak en by die Algemene Sinode, alle sake wat al die Gereformeerde kerke in Suidelike Afrika raak.

So kan die belydenis en kerkorde alleen deur die Algemene Sinode <u>verander</u> word. Daarom kan en moet 'n kerkraad, Klassis en Part. Sinode wel oor die wenslikheid of noodsaaklikheid van verandering handel (in geval bv. van beswaar teen die belydenis), maar self kan die mindere vergaderings die belydenis nie ver= ander nie. Die verandering kan alleen deur die Algemene Sinode gemaak word.

## <u>ARTIKEL 31</u>

Die vorige artikel het gehandel oor wat op die agenda van 'n kerklike vergadering tuishoort en hoe dit behandel moet word.

In artikel 31 gaan dit oor die <u>gesagvolle</u> afhandeling van die agenda.

Die huidige redaksie is met die revisie in 1964 vasgestel. Oor= spronklik het die deel oor die reg van appel by verontregting voorop gestaan, gevolg deur die verklaring dat 'n meerderheids

besluit bindend is tensy dit in stryd is met Gods Woord of die K.O. Hierdie verandering is dalk ingrypender as wat gemeen" is. Daar word later op terug gekom as oor die appelreg gehandel word.

1. In die huidige redaksie staan die wyse waarop 'n kerklike vergadering tot 'n beslissing kom voorp. Wat"met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word."

Twee beginsels staan hier voorop:

1. die <u>beslissende</u> van die meerderheidstem.

2. die gesag van so 'n beslissing.

1.1 <u>Die Meerderheidstem</u>

Dit lyk asof die verwyt teen die kollegialisme dat die heerskappy van Christus verdring word deur die meerderheidstem - helfte + 1 - ook hier van toepassing kan wees. Wat in artikel 31 staan is ook maar dat 'n bindende besluit op 'n kerklike vergadering geneem word deur die helfte + 1 van die lede van so 'n vergadering. Dan lyk dit selfs veiliger om te bepaal dat in geval van gewigtige sake (soos by die N.G.K.) alleen besluite wat met 'n 2/3 meerderheid geneem is, bindend sal wees.

Die reg tot verwyt is egter nie meer as skyn nie. Op 'n kerklike vergadering word immers nie menslike opvattinge teen mekaar opgeweeg om na 'n debat vas te stel watter opvatting die voorkeur moet geniet nie. Op 'n kerklike vergadering word nie gedebatteer nie, maar <u>gevra</u>: wat sê die Here. Daar word biddend saam geworstel om vas te stel watter lig die Woord van God op die besondere saak werp. (vgl. 1 Kor. 5:4 en 5; Handelinge 15:4-29, veral vers 28; Handelinge 16:4; Spreuke 11:14; 15:14, 15 en 22; 1 Tim. 3:15; Matth. 18:16). Daar kan of mag dus geen <u>oorstemming</u> in 'n kerklike vergadering wees nie maar die Woord moet solank ondersoek word dat daar ooreenstemming kan wees. Die ideaal is dat besluite met algemene stemme geneem word. Omdat ampsdraers egter ook sondige mense is, gebeur dit dikwels dat daar verskil na mening is oor wat die Woord met betrekking tot 'n saak eis.
Dan moet gestem word en die Gebed is dat die Heilige Gees lei tot 'n beslissing deur die meerderheidstem (vgl. Hand. 4 vers 5 en

Hand. 13:2 en 15).

Nadat die meerderheid vasgestel is, is daar gedurende die sestien=de eeu aanvanklik 'n tweede keer gestem om die minderheid die geleentheid tot kompromasie te gee. Dit is spoedig aanvaar dat die minderheid hulle stilswyend aan die meerderheidsbesluit onder=werp as daar geen besware geopper is nie.

Dit is egter altyd raadsaam om in gewigtige sake te vra dat die minderheid konformeer deur op te staan.

Op 'n kerklike vergadering word gewoonlik gestem deur opsteking van hande of per geslote stembriefie. Wanneer dit uit die bespreking blyk dat daar min of meer eenstemmigheid oor 'n voorstel is kan die Voorsitter ook net vra of dit aanvaar word, en uit die reaksie kan vasgestel word of die meerderheid daarvoor of daarteen is.

Wanneer stemme staak oor sake is die saak van die tafel af (1873) en oor persone moet die lot gewerp word na aanroeping van die naam van die Here (1910). Joh. Jansen (1917) meld dat dit in Nederland ook die gebruik was dat as stemme by 'n beroep sou staak moes die oudste in pare as verkies verklaar word. Dit is egter nie aan te beveel nie.

'n Voorsitter het geen beslissende stem nie.

1.2 Besluite is bindend.

Na so 'n beslissing is die besluit bindend. Nie omdat die meerder=heid dit geneem het nie maar omdat hulle wat geroep is om die kerk te regeer met die Woord, vasgestel het dat dit die wyse is waarop die gelowiges hulle in die besondere saak volgens die Woord moet gedra, is die besluit geneem.

Wat die besluite van meerdere vergaderings betref is dit bindend vir al die kerke wat by die vergadering betrokke is.

Dit wil nie sê dat al die kerke wat in een Klassis saamkom juis teenwoordig moet gewees het toe die besluit geneem is voor

**dit vir die kerk** bindend is nie. Al was die afgevaardigdes om een of ander rede verhinder om teenwoordig te wees op die Klassis, of al sou 'n kerk nie op 'n Part. Sinode direk verteenwoordig wees, asgevolg van die sogenaamde getrapte afvaardiging nie, is die besluite nog bindend vir sulke kerke. Vgl. Handelinge 15:23-29; 16:4. Kerke wat nie teenwoordig was nie moet die besluit van Jerusalem onderhou.

Bouwman (1934), Gereg. Kerkrecht II p.129 beweer die teendeel. Hierdie opvatting vloei voort uit die verkeerde uitgangspunt dat 'n meerdere vergadering net afgeleide gesag het en dat die kerkrade besluite eintlik eers moet ratifiseer voordat dit gesag het.

Die gesag van meerdere vergaderings was nog altyd 'n twispunt onder Gereformeerdes sedert die doleansie (vgl. hieroor: G.P.L. v.d. Linde 1965, "Die Grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregering= stelsel." Hoofstuk IV. Vir die standpunt wat neig tot die independentisme vgl. H. Meulink & T. De Wolff 1967, Korte verkla= ring van die Kerkordening. Hulle beland feitlik in die indepen= dentistiese vaarwaters as hulle sê: "Een meerdere vergadering mag de door voor ongegrond verklaarde besluiten over mindere vergade= ring dan ook zo maar niet Casceren, d.i. vernietigen, maar aanraden met opgane van die gronden, waarop haar ongegrond verklaring berust, dat de mindere vergadering haar besluit intrekke". (Kurs. van my) (vgl. ook oor die samestelling van meerdere vergaderinge Diktaat 1967, Die Presbiteriale Kerkregeringstelsel).

Mindere vergaderings is gebonde aan besluite van meerdere vergade= rings, net soos lidmate hulle moet onderwerp aan die kerkraad.

Indien enigiemand of 'n vergadering weier om hom aan die beslissing van 'n kerklike vergadering te onderwerp bly daar net een van drie weë oop: (1) of die vergadering wat die besluit geneem het moet, in geval van 'n minder gewigtige saak, die ongehoorsaamheid tolereer op voorwaarde dat daar nie beroering in die kerk of kerke ontstaan nie;

(2) of die tug moet toegepas word op die weieragtiges, na lankmoedige vermaning;

(3) of die weieragtiges moet die kerk verlaat of as dit 'n kerkraad is uit die kerkverband tree.

## 2. Die reg van appel

2.1 Voorgaande word altyd beperk deur die tensy van artikel 31: "tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde".

Deur die tensy word, anders as by Rome wat die Pous onfeilbaar verklaar het, of die Kollegialiste wat die menslike sede die opperheerskappy toeken, met die menslike feilbaarheid in die besluit vorming rekening gehou. Kerklike vergaderinge kan dwaal en dwaal in vele besluite dikwels. Soms is dit onopsetlik uit onkunde of in oorhaastigheid, wanneer 'n groot agenda afgehandel moet word, dat veral strydig met die K.O. of reeds genome besluite gehandel word. Soms is dit ook opsetlik wanneer 'n party wat die gesag van die Woord of die K.O. opsy skuif om hulle gedagtes af te dwing die meerderheid op 'n Kerklike vergadering kry (vgl. sommige Klassisse in Nederland tentyde van die Remonstrantse stryd aan die einde van die sestiende en begin sewentiende eeue. Ook die verloop van sake veral die laaste 2 dekades in die G.K.N.).

Met die sonde word rekening gehou en nie alleen die weg oopgemaak nie, maar ook die verpligting opgelê art. 31 om sulke besluite wat strydig is met Gods Woord en/of die K.O. ter syde te stel.

'n Besluit kan nie ligtelik tersyde gestel word nie. Die minderheid wat nie aan 'n besluit kan konformeer nie, is self ook aan 'n beperkte insig of sondige heersug onderworpe. En die tiranie van die minderheid kan 'n kerk ook eindeloos teister deur 'n soort obstruksie beleid wat skuil gaan agter 'n vroomheidsmasker. Daar kan nie net beweer word dat 'n besluit die konsensie geweld aandoen omdat dit in stryd is met Gods Woord nie of omdat dit 'n verkragting van die K.O. is nie. Wie nie kan konformeer nie, moet bewys lewer dat die besluit strydig is met Gods Woord of die artikels van die K.O.

Die bewyse moet gelewer word of op dieselfde vergadering (art. 46) of op 'n meerdere vergadering op wie 'n beroep gedoen is.

Hier moet gewaak word teen die listigheid van diegenes wat bv. afwyk van die belydenis. Hulle weier dan om 'n besluit te

............../14

aanvaar, maar bewys nie dat dit strydig is met Gods Woord nie. Hulle verlang dan dat die vergadering bewys dat hulle besluit wel op Gods Woord rus. Hulle dra die bewyslas van hulleself oor na die vergadering. Die klassieke voorbeeld van die listige op=trede is die van die Remonstrante.

Meulink en De Wolff beweer andersyds dat dit genoeg is as die beswaarde in sy gemoed oortuig is dat die besluit in stryd is met Gods Woord. Dan hoef dit nie uitgevoer te word nie en dan word uit net daarvan kennis gegee. Die artikel veronder=stel egter dat dit voor die vergadering bewys moet word. As die vergadering die gewraakte besluit handhaaf is al wat oorbly die weë soos hierbo aangedui aan die einde van 1.2.

Wanneer iemand beswaar het teen 'n besluit gebeur dit dikwels dat net gevra word om "in die minderheid aangeteken te word". Indien dit wel geskied, het dit volgens 'n sinodale uitspraak "geen kerkregtelike implikasies nie (1958). Spoelstra neem aan dat in so 'n geval dit beteken dat hoewel die persoon konformeer aan die meerderheidsbesluit, hy tog wil laat weet dat hy aanvanklik teen die besluit was. Ek meen dat aan so 'n versoek nie voldoen moet word nie; daar moet óf gekonformeer óf geappeleer word. Die weg tot sondige skeurmakery word al te gemaklik geopen deur die "minderheids aantekening". Spoelstra se oordeel is te wild. Gewoonlik word die aantekening in die minderheid geëis omdat 'n persoon nie sy opinie wil prysgee nie en 'n agterdeur wil oophou om dit te propageer teen die meerderheidsbesluit. Alleen in die geval waar die aantekening in die minderheid as 'n kennisgewing na appèl dien kan dit toegelaat word.

Wanneer die beswaar teen 'n besluit van die Algemene Sinode is, is daar geen appèl moontlik op 'n ander meerdere vergadering nie. Al wat oorbly is 'n beswaarskrif (Gravamen) op die volgende Sinode.

Meulink en De Wolff raak ook hier vas in die independentiese strik. Hulle verklaar dat in so 'n geval geen ander weg oop is "dan zich te beroepen op de kerken zelf". Die standpunt kom ooreen met die van die independente dat 'n beroep op die gemeente teen die kerkraad gedoen kan word.

2.2 Die tweede deel van die artikel het betrekking op regskrenkig. Dit hoef nie met die krenking van die persoonlike reg gesien te word nie. Daar kan selfs geappeleer word as iemand anders se reg of die van die kerk o.a. in 'n grensreëling gekrenk is. Die klaer is dan as gelowige verongelyk deur die uitspraak van die mindere vergadering.

Hieronder val bv. ook klagtes soos: die veroordeling sonder 'n behoorlike verhoor in 'n tugsaak; die afdwinging van 'n kerklike bydrae per raming (wat neerkom op 'n kerklike belasting; ens...

Die appelprosedure is neergelê deur die Sinode van 1939 art. 135. (Studente moet dit noukeurig nagaan. Kyk die bylae by art. 31; K.O.-boekie).

Indien 'n appèl slaag is die besluit van 'n mindere vergadering daarmee nietig verklaar; tensy die meerdere vergadering dit eksplisiet weer vir behandeling terug verwys, is die besluit so goed as nie geneem nie.

2.3 Moet 'n besluit waarteen geappeleer is intussen uitgevoer word?

Dit is 'n moeilike vraag. As reël moet geld dat gewag word met die uitvoering van so 'n besluit tot die appel tenminste op die eerste meerdere vergadering gedien het. Selfs so 'n opskorting van 'n besluit oor 'n gewigtige saak kan vir die kerk skadelik wees en dan moet voortgegaan word met die uitvoering daarvan.

Daar is bv. 'n gunstige aanbod van 'n stuk grond wat benodig word vir die daarstelling van 'n kerkgebou. As die aanbod nie binne 'n sekere tyd aanvaar word nie, word die grond aan 'n ander toegesê en dit is al geskikte stuk grond wat vir die doel oop is in die dorpsgebied. Nou het iemand beswaar teen die aanvaarding van die aanbod omdat die kerkraad nog nie genoeg geld byeen het vir die oprigting van 'n gebou, soos vroeër besluit nie. En die besluit is nog nie verander nie.

Hoewel so 'n appel formeel sterk kan staan, is die skade wat die kerk kan lei indien die aanbod nie aanvaar word nie, so groot dat 'n kerkraad nie anders kan as om die besluit uit te voer nie.

Wanneer daar bv. beswaar gemaak word teen die bevestiging van 'n verkose ouderling is dit wenslik om te wag op die uitspraak van die Klassis. Om die bevestiging nie al te lank te vertraag nie kan desnoods aangedring word op 'n spesiale klassis vir die afhandeling van die appèl.

Indien die appèl nie slaag nie en die beswaarde hom op die Part. Sinode beroep word dit 'n vraag of die bevestiging langer kan uitgestel word. Met die bevestiging kan dan voortgegaan word omdat die sanksie van die klassis verkry is. Slaag die appèl later, is die kerkraad tog gedek en moet dan na bevind van sake gehandel word na 'n latere uitspraak.

Wat ander sake betref sal dit ook van die uitwerking van 'n vertraging in die uitvoering van die besluit op die kerk afhang, of by voortgaande appèl nog gewag sal word met die uitvoering daarvan.

Daar sal in geval van appèl altyd rekening gehou moet word met die eer van God, die welsyn van die kerk en die beswaarde, by die besluit tot uitvoering of opskorting van die gewraakte besluit.

In die geval van gewete bindende besluite (o.a. leerbeslissinge) moet met groot versigtigheid en langsaam opgetree word. Daar moet liefs gewag word in so 'n geval tot die appèl afgeloop is; al moet spesiale klassis en/of Part. Sinode en/of Sinode byeengeroep word.

Dit is noodsaaklik in gevalle waar 'n Predikant bv. skuldig bevind is aan die verkondiging van dwaalleer en hy appeleer. Met sy afsetting moet dan gewag word totdat die verdere appèlering afgeloop het. Gewone herbeslissings kan besleg word binne die gewone vergader tye van die verskillende meerdere vergaderinge, tensy die saak groot beroeringe veroorsaak.

As reël moet een appèl genoeg wees as die beswaar nie is dat die besluit in stryd met die Skrif en/of K.O. is nie. By regskrenking moet by die meerdere beraad van die een meerdere vergadering berus word. 'n Appèl mag nooit dien om die eie sin af te dwing nie.

Joh. Jansen (1937) meen dat volgens die ou redaksie die K.O. die weg van appèl tot by die eersvolgende meerdere vergadering beperk insoverre dit regskrenking betref. (Ons 2e deel v.d. Art.)

............/17

Na een appèl moet wat op die meerdere vergadering met die meeste stemme goed gevind is, as vas en bindend beskou word. Die weg tot verdere appèl is daarmee afgesny. Die uitsondering is wanneer die besluit strydig met Gods Woord en die K.O. is. (Tensy .......). Dan is die reg van appèl onbeperk tot by die laaste meerdere vergadering.

Die verklaring kom nie meer in die Derde Druk voor nie. Tog is daar iets aanneemliks in die verklaring as mens die oorspronklike redaksie noukeurig lees. As dit sou kon opgaan (met die huidige redaksie in elk geval nie) sou die gedurige appèlle, wat 'n soort kringloop vorm (vgl. die 'Lichtenburgse saak gedurende die dertiger jare) nie ter tafel kon kom nie.

Die verklaring, al sou dit reg laat geskied aan die ou redaksie, is seker laat vaar omdat dit so moeilik is om die appèlreg so streng te beperk. Dit kan wees dat iemand werklik deur 3 mindere vergaderings verontreg word eers sy reg by die Sinode kry. Dit kan ook net anders om wees! Dit bly maar 'n moeilike saak.

Tans is die appèlreg waarin regskrenking beweer word beperk by die Nasionale Sinodes (Acta 1976, p.432).

2.4 Kan 'n Advokaat in 'n kerklike geding toegelaat word?

Die reël is dat elke appelant (of beskuldigde voor 'n kerkraad) sy eie saak stel voor die vergadering. Dit gaan immers om die br. of str. se persoonlike verantwoordelikheid voor God. En niemand anders kan vir hom of haar in so 'n geval spreek nie. As 'n ad=vokaat optree kan so maklik in die gewone hof prosedure, waarin op vernuftige wyse die beste uitspraak vir die kliënt beding word, verval word. In so 'n geval gaan die persoonlike verantwoordelik=heid van die beswaarde voor God verlore (en in die geval na 'n tugsaak, van die beskuldigde).

In uitsonderlike gevalle is daar wel advokate toegelaat om op te tree vir iemand in 'n kerklike vergadering. So iemand is dan liefs nie advokaat genoem nie, maar "mond". Daarmee is uitge=druk dat so 'n advokaat eintlik net aan die vergadering moet sê wat die persoon nie self kan doen nie. Dit kan wees vanweë 'n spraakgebrek, mensevrees, senusiekte, ens. Die advokaat moet hom dan ook onderwerp aan die kerklike manier van doen in so 'n geval.

## ARTIKEL 32

Artikel 32 het nog as agtergrond die beginsel dat Christus die Hoof van Sy Kerk is. Ook as die ampsdraers in vergadering byeen is, is dit nie hulle wat besluit nie, maar Hy deur hulle. Calvyn sê dat 'n Konsilie of enige kerklike vergadering alleen wettig is as dit bestuur word deur die Heilige Gees. 'n Vergadering word egter altyd deur die Heilige Gees bestuur as in die Naam van Christus vergader is (IV.IX.2). Christus moet die voorsitter van die vergadering wees. "En ik zeg, dat Hij dan eerste voorzitter is, wanneer Hij de ganse vergadering door zijn Woord en Geest bestuurt" (IV.IX.1.).

Deur die bepaling in art 32 word Christus as die"Voorsitter" en Here van die vergadering geëer en sy diensknegte smeek die bekwaamheid van Hom af om hulle opdragte te kan na kom. Ook dank hulle vir bewese genade tot roepingsvervulling.

## ARTIKEL 33

In Artikel 31 het dit gegaan oor die afhandeling van die agenda en in artikel 32 oor die afhandeling daarvan in die Naam van die Here. Tans is die samestelling van sowel die meerdere vergaderinge self as die agenda daarvan en wie die stemreg het, aan die orde.

1. <u>Die samestelling van die vergadering</u>.

Die kerke (Kerkrade; sien art. 41). vaardig ouderlinge en predikante (sien art. 41) af na die meerdere vergadering. Hulle word gestuur "met las en volmag om namens Hom en volgens Gods Woord en die Drie Formuliere van Eenheid ..... en die aangenome kerkorde in alle sake..... te help oordeel en besluit tot bloei van die gemeentes.... "(Vanselfsprekend het net die kerk reg om na 'n kerklike vergadering af te vaardig).

Hoofsaak is dat die Kerke (Kerkrade) byeenkom om mekaar by te staan in die Kerkregering. Dit is dus nie 'n vergadering van persone soos 'n kerkraad nie, maar van kerke (kerkrade) deur hulle afgevaardigdes. Hulle kom saam om as meer kerke die Woord van God te ondersoek met betrekking tot sake waarin die een die ander se hulp nodig het en sake wat in almal se belang is.

Die Presbiteriane beskou 'n meerdere vergadering, volgens Bannerman, (The Church of Christ), egter net soos 'n kerkraad. Dit is net saamgestel uit die kerke van die buurt, streek of land, om oor

die klassikale kerk, te regeer. 'n Meerdere vergadering is dan maar net 'n groot kerkraadsvergadering, saamgestel uit verskillende kerke wat nou deur die groter kerkraad ook as "groter kerk" regeer word. Die konsekwensie van die standpunt is dat so 'n groter kerk=raad dan in die plek van die plaaslike kerkraad kom en dit eintlik verdring. Die "groter kerkraad" laat dan net sake van geringer belang oor aan die plaaslike kerkraad. Ook M. Bouwman(1937) se opvatting moet hierop uitloop as hy meerdere vergadering bloot as 'n vergadering van ampsdraers kwalifiseer.

Volgens art 33 het ons egter 'n heel ander toedrag van sake. Dit is wel ampsdraers wat saam vergader, maar hulle teenwoordigheid op die vergadering word bepaal deur die afvaardiging. Gestuur as ampsdraer uit 'n plaaslike kerkraad moet hy in naam van die kerkraad wat hom stuur saam met ander afgevaardigde ampsdraers beraadslaag oor en handel in die regering van die kerk.

Daarom is geloofsbriewe nodig. Dit moet geteken wees deur twee gemagtigde persone, gewoonlik die Voorsitter en Scriba, uit die kerkraad (of mindere vergadering) wat afvaardig. Die geloofs=briewe of kredensiebriewe moet behoorlik opgestel wees met ver=melding van die name en ampte van die wat gestuur word en wat hulle verkneg het om te handel in die naam van die kerkraad (of mindere vergadering) behoudens die grondslag waarop die kerkver=band rus.

Die roepende kerkraad moet altyd noukeurig let op die kredensie briewe. Geen afgevaardigde mag sittingsreg verleen word indien sy geloofsbrief nie in orde is nie. Dit word juis 'n geloofsbrief genoem omdat dit die aanspraak van die afgevaardigdes dat hulle wettig afgevaardig is, geloofwaardig maak.

Afgevaardigdes is kragtens die geloofbrief gebonde aan die Skrif, belydenis (en daarom ook aan die Kerkorde) in al hulle handelinge ter vergadering.

Daarom word daar by die aanvang van elke meerdere vergadering openlike instemming met die belydenis gevra. Niemand wat weier om die instemming te betuig mag as lid van die vergadering toege=laat word nie.

............/20

2. Die Agenda    Kerke kom saam rondom 'n agenda.

Die afgevaardigdes moet benewens hulle geloofsbriewe ook opdragte saambring. Vroeër is gepraat van instruksies. Maar omdat 'n instruksies in Afrikaans meer die betekenis het van net volgens 'n vooraf bepaalde plan te praat en te stem, is die woord met die ruimer "opdrag" vervang.

Onder opdragte word hier verstaan dat aan die afgevaardigdes 'n lys van sake skriftelik ter hand gestel word van wat op die ver=gadering behandel moet word. Ons praat van beskrywingspunte.

Die agenda van die vergadering word dus eers afgesluit wanneer die afgevaardigdes ter vergadering hulle opdragte oorhandig.

Terwille van die ordelike samestelling van die agenda word in die praktyk verwag dat die opdragte vooruitgestuur word aan die korresponderende kerkraad. Daar moet geleentheid wees om die agenda op te stel en om dit ook nog ter kennis aan die kerke wat betrokke is te bring, voor die vergadering.

Dordrecht 1578 het bepaal dat sodanige opdragte (of beskrywings=punte) nie moet opgestel word voordat die Acta van die vorige vergadering nie gelees is nie, sodat wat reeds afgehandel is nie meer voorgestel word nie. Dit is gou weggelaat omdat dit vanselfspreek dat 'n saak wat afgehandel is nie weer ter tafel kan kom asof dit nog nooit behandel is nie.

Buite hierdie opdragte en rapporte wat uit vorige opdragte voort=gevloei het, mag daar niks anders op die agenda kom nie. 'n Meerdere vergadering het nie 'n oop agenda nie. Dit kan alleen behandel wat deur die kerke daaraan opgedra is om te behandel. 'n Meerdere vergadering is immers 'n regeerliggaam ten dienste van die kerke wat daarin verteenwoordig is.

Daar moet gewaak word teen die gevaar dat nuwe sake uit die rapporte van studiedeputate op die agenda van die meerdere vergaderinge kom. Sulke rapporte moet alleen dien tot beantwoording van vrae wat spruit uit beskrywingspunte uit die kerke en dit mag nooit nuwe kwessies aansny vir behandeling nie. Gebeur dit word die kerke belas met sake waarvoor hulle self op die stadium nog geen behoefte tot onderlinge raadpleging of hulp het nie. Dit kan tot onnodige beroering in die kerke lei.

............/21

3. KEURSTEM

Art. 31 bepaal dat met meerderheid van stemme beslis word. Art. 33 skryf voor dat alleen wettige afgevaardigdes mag stem. Keurstem - die stem waardeur vasgestel word watter voorstel die voorkeur moet geniet.

Hoewel die kerke sedert die 16e eeu die teenwoordigheid van die teologiese professore, veral ter sinode, op prysgestel het, het hulle nie keurstem nie. Daar was geleenthede waar aan hulle keur=stem verleen is, maar dit is in stryd met art. 33. Kragtens die aard van 'n meerdere vergadering kan alleen die afgevaardigdes keurstem hê.

'n Afgevaardigde moet hom egter weerhou van die uitoefening van sy keurstem in sake wat sy kerk of persoon raak. Daar kan bv. 'n appèlsaak teen 'n kerkraad dien. Dan mag die afgevaardigdes van die kerkraad nie stem by die beoordeling van die appèl nie. Jy kan tog nie regter in jou eie saak wees nie.

ARTIKEL 34

1. Die kern van art. 34 is dat dit noodsaaklik is om alle besluite van 'n kerklike vergadering op te teken.

Die artikel lui: "In alle vergaderinge moet by die prosses 'n skriba gevoeg word om noukeurig op te skrywe wat noodsaaklik opgeteken moet word".

Die huidige redaksie is reeds so vasgestel op die Sinode van Middelburg 1581, terwyl dit deur elke Sinode vanaf Emden 1571 bepaal is dat wat noodsaaklik is - die besluite - van die kerklike vergaderinge in 'n boek moes opgeteken word sodat "wat tot de regieringhe der Kerke dient" telkens op elke vergadering weer gelees kan word wat die vorige besluit het.
(Prov. Sinode Dordrecht 1574, art. 6 onder 17 Junie vgl. Rutgers Acta van de Nederl. Synoden der XVIe Eeu p.139)

In art. 31 is neergelê dat wat met meerderheid van stemme op 'n kerklike vergadering besluit is, vas en bindend is tensy dit bewys kan word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die K.O.

Die kerklike vergaderinge vorm die kerklike reg - skryf die gedrag voor en sien toe dat na die reg gelewe word in die kerk. Die indiwiduele ampsdraers regeer nie persoonlik die kerk nie - By Rome en die Kollegialiste wel in lg. geval deur persone moderatuur of ander kommissies wat beslissingsreg het. Hulle doen dië gesamentlik in vergadering. Daarom spreek Dordt. 1514 van "wat tot de regieringhe der Kerche dient".

Artikel 32 bepaal dat die wettige ampsdraers art. 33 in vergadering hulle afhanklikheid van die Koning van die Kerk in die regering openlik moet beleef deur gebed en danksegging.

Die bepaling in art. 34 wil nou verseker dat wat besluit is duidelik (daarom: noukeurig opskrywe) aan die kerke sal deurgegee word om na te lewe (of uit te voer). Anders gesê: art. 34 stel die beginsel pertinent t.o.v. die saak en waarborg dat die beginsel in die praktyk toegepas word.

2. Die bewoording van die Artikel teen die agtergrond van die Emdense en Dordt 1574 se besluite, laat geen twyfel oor wat noodsaaklik is om op te teken nie. Dit moet die regering van die kerk dien - dus besluite wees wat die regsvorming of handhawing raak. Dit is nie waarlik dat beraadslaginge opgeteken sal word nie - persoonlike opinies is nie van belang nie, net wat besluit is. Die optekening van baraadslaginge kan ook verwarring stig. Noodsaaklik en dienstig kan wees om in sekere gevalle nog die gronde waarop die besluite geneem is op te teken. Groot versigtigheid moet betrag word by die optekening van sake wat persone raak.

3. Die noodsaak om wat dienstig is vir die kerkregering op te teken laat vanself kom tot die noodsaak in leiding in die vergadering. Vandaar dat tegelyk die aandag gevestig word op die vanselfsprekendheid dat 'n vergadering deur 'n Voorsitter gelei moet word en dan verder bepaal word dat wat onder sy leiding beslis is deur 'n skriba opgeteken moet word. Die wat so die leiding het word die moderamen genoem:

By meerdere vergaderinge wat vir 'n dag of langer duur is dit nodig om aan beide die Voors. en skriba hulp te gee in die persone van 'n ondervoors. (Assesor) en hulpskriba.

......./23

## ARTIKEL 35

Hierdie artikel reël die leiding van die kerklike vergaderings nou nader - nadat dit vanself in die vorige art. op die voorgrond gekom het.

"Op meerdere vergaderinge presideer 'n bedienaar van die Woord en die werk van die praeses is om voor te dra en te verduidelik wat behandel moet word, toe te sien dat elkeen op sy beurt spreek, om die wat redetwis en al te heftig spreek die swye op te lê, en as hulle geen gehoor gee nie, die gepaste sensuur oor hulle uit te oefen. Sy amp hou op as die vergadering beëindig is."

1. Die gedeelte wat die taak van die voorsitter omskryf dateer byna letterlik uit Emden 1571.

2. Die artikel is via Dordt. K.O. deur die G.K.S.A. net so oorgeneem tot met die Revisie van 1964, toe die eerste deel nl. dat 'n <u>bedienaar</u> van die Woord moet presideer bygevoeg is. In die "Motivering" verklaar die deputate in revisie dat die "beginsel" dat 'n bedienaar van die Woord moet presideer neergelê is vir die kerkraad (art. 37) en die Klassis (art. 41) hier in art. 35 deurgetrek is vir alle kerklike vergaderings.

Dit was seker voorheen maar altyd die bedoeling dat op meerdere vergaderings 'n bedienaar van die Woord presideer, maar nooit so eksplisiet genoem nie. In 1964 is dit tereg gedoen omdat dit logies aansluit by die voorgaande artikels waarin noukeurig aan=getoon is hoedat kragtens die beginsel die wettige ampsdraers in <u>vergadering</u> tot die regsvorming en handhawing van die reg vir die kerk kom onder leiding van 'n voorsitter en met behoorlike vasstel=ling van wat besluit is. Nou word die beginsel gestel dat die <u>ampsdraers</u> in <u>vergadering</u> deur die <u>Woord</u> beheers word. Die <u>Woord gaan voorop</u>: uit die Woord moet die gedrag vir die kerk bepaal word. Alleen 'n bedienaar van die Woord, belas met <u>die profetiese</u> amp kan na behore met die Woord, kragtens sy amp leiding gee aan die vergadering.

Die art. verhef nie die predikant bo die ouderling of diaken nie, of een predikant bo die ander nie, maar hy tree op as voorsitter kragtens sy amp en as primus inter peres..

............./24

ARTIKEL 35

Hierdie artikel reël die leiding van die kerklike vergaderings nou nader - nadat dit vanself in die vorige art. op die voorgrond gekom het.

"Op meerdere vergaderinge presideer ŉ bedienaar van die Woord en die werk van die praeses is om voor te dra en te verduidelik wat behandel moet word, toe te sien dat elkeen op sy beurt spreek, om die wat redetwis en al te heftig spreek die swye op te lê, en as hulle geen gehoor gee nie, die gepaste sensuur oor hulle uit te oefen. Sy amp hou op as die vergadering beëindig is."

1. Die gedeelte wat die taak van die voorsitter omskryf dateer byna letterlik uit Emden 1571.

2. Die artikel is via Dordt. K.O. deur die G.K.S.A. net so oorgeneem tot met die Revisie van 1964, toe die eerste deel nl. dat ŉ bedienaar van die Woord moet presideer bygevoeg is. In die "Motivering" verklaar die deputate in revisie dat die "beginsel" dat ŉ bedienaar van die Woord moet presideer neergelê is vir die kerkraad (art. 37) en die Klassis (art. 41) hier in art. 35 deurgetrek is vir alle kerklike vergaderings.

Dit was seker voorheen maar altyd die bedoeling dat op meerdere vergaderings ŉ bedienaar van die Woord presideer, maar nooit so eksplisiet genoem nie. In 1964 is dit tereg gedoen omdat dit logies aansluit by die voorgaande artikels waarin noukeurig aan=getoon is hoedat kragtens die beginsel die wettige ampsdraers in vergadering tot die regsvorming en handhawing van die reg vir die kerk kom onder leiding van ŉ voorsitter en met behoorlike vasstel=ling van wat besluit is. Nou word die beginsel gestel dat die ampsdraers in vergadering deur die Woord beheers word. Die Woord gaan voorop: uit die Woord moet die gedrag vir die kerk bepaal word. Alleen ŉ bedienaar van die Woord, belas met die profetiese amp kan na behore met die Woord, kragtens sy amp leiding gee aan die vergadering.

Die art. verhef nie die predikant bo die ouderling of diaken nie, of een predikant bo die ander nie, maar hy tree op as voorsitter kragtens sy amp en as primus inter peres.

............./24

3. Omdat die beginsel eis dat 'n bedienaar van die Woord voorsitter moet wees, spreek dit vanself (kragtens die verpligting dat onderlinge hulp in die kerk) dat vir vakante kerke voorsiening gemaak word deur die Klassis (wat die kerk bystaan) in die benoeming van 'n konsulent wat dan as voorsitter optree of as hy nie kan nie 'n ander predikant deur die kerk daartoe versoek. In noodgevalle kan 'n ouderling optree as voorsitter, maar die beslissinge van so 'n vergadering sal later onder leiding van 'n konsulent (geld ook vir predikant) bevestig moet word. (Sinode 1907 art. 113) Kyk K.O. boekie p. 38 onder art. 5.

'n Konsulent of ander bedienaar van die Woord wat nie verbonde is aan die betrokke plaaslike kerk nie, het egter nie keurstem op so 'n vergadering nie.

4. Die werk van die voorsitter word duidelik in die art. omskryf. Bygevoeg kan word dat hy altyd prinsipiële leiding uit die Woord moet gee in prinsipiële sake. Die Woord is beslissenden nie die meerderheidsin nie!

Die voorsitter mag nie sy persoonlike opinie afdwing of die vergadering tiranniseer nie! Hy moet dien en lei om die vergadering ryp te maak vir 'n beslissing oor elke saak. Behoorlik <u>voorberei</u>! <u>Geen beslissende stem nie</u>!

5. Die "gepaste sensuur" dui op die vermaning van diegene wat hulle nie reg gedra op die vergadering nie.

6. Die bevoegdheid (amp) van die voorsitter hou op by die uiteengaan van die vergadering. Geen Moderator! Sy taak is net om die vergadering te lei.

## <u>ARTIKEL 36</u>

Art. 36 reël die verhouding tussen die verskillende kerklike vergaderinge.

"Dieselfde seggenskap het die Klassis oor die kerkraad wat die Partikuliere Sinode oor die Klassis en die Nasionale Sinode oor die Partikuliere Sinode en die Algemene Sinode oor die Nasionale Sinode het".

............/25

Die redaksie is vanaf Middelburg 1581 tot op hede net so gehand= haaf, behalwe dat die artikel in 1975 deur die Algemene Sinode so geamendeer is dat ook met die Algemene Sinode rekening gehou word.

In art. 36 word nog gehandel oor die vergaderings in die Algemeen. Eers in art. 37 word oorgegaan tot die afsonderlike vergaderings. Dit is noodsaaklik vir die verklaring van die art. om dit in gedagte te hou.

Die verband is dan ( ): art. 29 bepaal dat daar en hoeveel vergaderinge daar is

(2): art. 30 sê wat op die vergaderinge in die algemeen tuishoort (kerklike sake) en wat op elke vergadering tuishoort (dit wat in mindere vergaderinge nie afgehandel kan word nie en wat uiteraard op elkeen hoort).

(3) Art. 31 handel oor die gesag van die ver= gaderings terwyl

(4) art. 32 uitgaan van die beginsel dat die kerklike vergadering hulle gesag alleen van Christus het. (van Hom afhanklik, deur gebed).

(5) Art. 33 lê nadruk daarop dat die meerdere vergaderinge eers gesagvol kan optree as dit wettig saamgestel is en

(6) art. 34 en 35 beklemtoon dat die ampsdraers nie die kerk individueel regeer nie, maar gesamentlik as verga= dering. Daarom moet daar leiding wees in die vergaderinge en sorg gedra word dat die besluite noukeurig opgeteken word.

(7) In art. 36 word nou nog in die algemeen die verhouding tussen hierdie kerklike vergaderinge as regeer= ligame bepaal.

Dit gaan nog altyd oor die feit dat Christus sy kerk regeer deur ampsdraers, gesamentlik. Hulle oefen gesag uit. Die verhouding tussen die ampsdraers onderling in die gesagsuitoefening is nou reeds bepaal: hulle het elkeen dieselfde gesag en regeer gesament= lik as vergadering; oefen die gesag in oorleg en ooreenstemming met mekaar uit.

Om nou die verhouding tussen die vergaderings te verstaan moet dan gelet word op eerste twee woorde van die artikel: "Dieselfde seggenskap".

"Dieselfde" beteken identies; gelyk (net soos) en "seggenskap" is die vertaling van outhoritas, (Middelburg 1581 art. 27) gesag.

Die vergaderinge het dus dieselfde i.e. identiese; gelyke outori= teit of gesag.

Dit beteken dat die vergaderinge nie in hiërargiese rangorde van laag na hoog gerangskik kan word met laere, hoëre en hoogste gesag nie. Volgens die voorafgaande artikels het elkeen gesag van Christus ontvang. En elkeen oefen dieselfde gesag uit nl. diè wat Christus deur Sy Woord wat aan hulle toevertrou is uit= oefen (vgl. Hd. 15 ".... Ons en die Heilige Gees het besluit".

Die kerkraad, Klassis ens. oefen èèn en dieselfde gesag uit nl. die van Christus. Daarom verwerp Prof. v.d. Vyver tereg die op= vatting van Bouwman en Jansen en ek kan byvoeg van "Die Handleiding"; F.C. Bos (De Orde der Kerk) e.a. dat die kerkraad wel oorspronklike gesag het maar die meerdere vergaderings in afgeleide of gedelegeer= de gesag. Daarom is die kerkraad se gesag hoër! Christus het aan niemand 'n gesag in Sy kerk gegee wat hy kan oordra nie - dit is die Roomse gedagte van die Pous wat Christus vervang. Die Geref. ampsgedagte is dat Christus 'n opdrag gee wat deur die een wat dit ontvang uitgevoer moet word - die gesag van die ampsdraers en daarom van die vergaderinge is dus nie iets wat kan oorgedra word nie, want dit behoort nie aan hulle nie - Christus oefen Sy gesag deur hulle uit. Hulle is net instrumente. Geen plaas= vervangers nie.

Elke vergadering het dan outoritatiewe mag oor sake wat by hom tuishoort en dit is vir elke vergadering dieselfde mag of gesag om ter sake te handel: die wat Christus deur hulle uitoefen.

Die kerkraad het nie minder outoriteit as die Klassis nie en die Klassis nie minder as die Part. Sinode ens. nie. Elke vergade= ring het dieselfde gesag, ook as meerdere oor die mindere.

Dit beteken nou verder dat die vergaderinge nie los van mekaar staan om hierdie gesag willekeurig uit te oefen, sonder dat die een hom aan die ander steur, soos die independente wil nie.

Elke vergadering het sy aangewese plek en taak (art. 30) van minder na meer. Dit moet egter nie in kwalitatiewe sin verstaan word nie maar wel kwantitatief.

Die Klassis het gesag oor die kerkraad nie omdat die kerkraad minder "laer" (kwalitatief) is nie; maar omdat daar sake is wat

............/27

nie net die een kerkraad nie, maar wel die genabuurde kerkrade gesamentlik raak. In die geval hoort besluite in die sake tuis by die Klassis - by meer kerkrade. Dit is sake van meer as plaaslike belang (kwantitatief en die Klassis neem net so gesagvol besluite as die kerkraad). En as die kerkraad selfs plaaslike sake nie kan behartig nie en ander, meer kerke se hulp" nodig het, moet hulle hul ook onderwerp kragtens die feit dat die sake "te veel" vir hulle was. Dit geld vir die Klassis t.o.v. die Part. Sin. en uit tot by die Algemene Sinode.

Om weer te herhaal: al het die kerklike vergaderinge nie die reg om in mekaar se sake in te dring; om oor sake te handel wat nie by hulle tuishoort nie, het die meerdere vergaderings tog gesag oor die mindere vergaderings in die sin dat hulle besluite neem oor "meerdere" sake (sake wat meer kerke raak) en die mindere vergaderings is verplig om hulle aan die gesag te onderwerp: as die gesag van Christus.

Die feit dat hier nie sprake is van die gesag van die kerkraad oor die gemeente nie, het niks te doen met 'n prinsipiële verskil tussen die oorspronklike gesag van die kerkraad en die van die meerdere vergaderings wat 'n afgeleide gesag is, soos Bouwman dit stel nie. Die artikel kan net sowel die lyn deurgetrek het van die seggenskap van die kerkraad oor die gemeente tot by die Alge= mene Sinode want soos prof. V.d. Vyver tereg sê: "Dit is dieselfde gesag wat in die meerdere vergadering werk as die wat op die kerk= raad werk t.w. die gesag van Christus deur Sy Woord, en Hy gebruik hier dieselfde werktuie, Sy ampsdraers wat Hy geroep het en bekwaam het om met sy Woord tot 'n beslissing te kom. Dit is handhawing van sy Koningskap.

Daar is dus geen wesenlike verskil tussen die gesag van 'n kerkraad of 'n meerdere vergadering nie. Daar is wel 'n verskil in oor= sprong (kerkraad verkies deur gemeente) en stand van "terrein".

Die lyn word nie deurgetrek nie eenvoudig omdat dit in art 36 net gaan oor die vergaderings en wel in hulle onderlinge verhouding.

## ARTIKEL 37

Art. 29 - 36 het oor die kerklike vergaderinge in die algemeen gehandel. Vanaf art. 37 - 52 word bepalinge gemaak vir elke vergadering afsonderlik.

........../28

Die artikels sluit aan by die beginsel in die voorgaande artikels dat Christus Sy kerk deur die ampsdraers gesamentlik en in oorleg met mekaar regeer.

Art. 37 gaan uit van die grondbeginsel dat die amp gewortel is in die plaaslike kerk en daarom is die kerkraad diè vergadering wat voorwaarde is vir die bestaan van alle ander kerklike vergaderings. Die plaaslike kerk is ook vòòr die kerkverband en nie a.o. nie!

"In alle kerke moet 'n kerkraad wees wat bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord en die ouderlinge, wat gereeld vergader onder voorsitterskap van die bedienaar van die Woord of die bedienaar om die beurt as daar meer as een is".

Oorspronklik lui die artikel: "In een yegelijcke Kercke salmen t' samen-coomsten of te Consistoriën der Dienaren des Woorts, Ouderlinghen en de Diaconen hebben .... (Emden 1571 art. 6).

Die eerste wat opval is die "yegelijcke Kercke"; Ons redaksie: <u>alle kerke</u> (meerv.).

1. Die kerk wat regeer word hang nie in die lug nie, maar is konkreet aanwysbaar; gebonde aan 'n plek. Vandaar "alle" of yegelijcke (singularix).

Die Skrif spreek as reël van die kerk in die sin: Te Rome, Te Korinthe: Efese, Kollossense vgl. 1 Kor. 1:2; Romeine 1:7; Efese 1:1 ens. Hoewel in Romeine nooit sprake is van geroepe heiliges en in Efese van heiliges en gelowiges blyk dit uit 1 Kor. 1:2 dat dit die benaming is van die plaaslike kerk. Die Skrif beskou die plaaslike kerk as die volledige openbaring van die liggaam van Christus. (vgl. Kor. 12:27;nadat uit 1:27 duidelik geword het dat die gelowiges te Korinthe kerk (gemeente) is, word in 12:27 gesê: julle (die heiliges of gelowiges) in Korinthe "is die liggaam van Christus en lede afsonderlik".

Elke kerk nou wat die liggaam van Christus is moet 'n kerkraad hê.

Die ampte wortel in die plaaslike kerk. Christus roep en stel sy ampsdraers vir en in die kerk in diens (vgl. art. 22) vgl Handelinge 4:23; Titus 1:5. En in die plaaslike kerk moet die ampsdraers gesamentlik en in oorleg met mekaar hulle taak verrig vgl. o.a. Handelinge 20:17 en 28; Handelinge 21:18....1Tim. 4:14.

........../29

Hierdie ampsdraers moet op elke plek gereeld saamkom - ou redaksie, weekliks, nou gereeld : 1964.

2. Watter ampsdraers vorm nou die kerkraad?

Die redaksie van 1571 van ons art. praat net soos art. 30 N.G.B. van Dienaars van die Woord, ouderlinge en diakens.

Dordt. 1574 verklaar die artikel egter nader. "Soo sullen de Dienaars des Woordts, ouderlinghen en de Diakenen de Consistorie waarden, alsoo, dat de Dienaren en ouderlinghen alleen onder hem versamelen sullen, oock de Diaconen bijsonder, om hare eighen saecken .... te verhandelen"... (17 Junie 4.) M.a.w. hier word gesê dat Emden (en dan ook art. 30 N.G.B. blykens Sinoden 1945) in die algemeen praat oor wie "en die kerk ex officio iets te doen en te reël het". Die verklaring bleik vir my aanneemliker as die van Polman in sy Onze N.G.B., wat daarop neerkom dat die bedoeling van art. 30 N.G.B. is dat die diakens as hulp ouderlinge by kom.

Die kerkraad bestaan uit "2 soorte ouderlinge". (vgl. Form ). Die regering berus by die ouderlingsamp soos gedifferensiëer ... diè van leer "en regeer" ouderlinge. Die kerkraad dra sorg vir die kudde waaroor die Heilige Gees hulle gestel het.

2.1 Volgens die verklaring van Dordt 74 en die bepalinge van die K.O. o.a. in Art. 45, 10,25 is daar ook 'n breë "kerkraad" d.w.s. 'n vergadering van die kerkraad met die diakens. Op die vergadering word ook alle sake behandel wat nie spesifiek by die ouderlinge amp hoort nie. Bv. die aankoop en vervreemding van eiendomme, die beheer van die finansies ens.

2.2 Dit is ook nodig dat die kerkraad met die gemeente vergader om ampsdraers te kies en verder saam te beslis oor middelmatige sake. Die kerkraad behou egter altyd die leiding. Dit is geen gemeente vergadering in die sin dat die beslissingsreg uit die hande van die kerkraad gegee word nie.

3. Die bedienaar van die Woord presideer (vgl. art. 35). Kragtens sy Profetiese amp).

............/30

3.1 By toerbeurt as daar meer as een dienaar is - om hiërargie te voorkom. Dit gaan om die profetiese amp wat die leiding van die vergadering het, nie die persoon nie.

4. Enkel algemene praktiese opmerkings

4.1 Kerkraadsvergaderinge is vertroulik en lidmate het nie vrye toegang nie. Kan wel toegelaat word as hulle hul eie saak wil stel. Met beslissing nie teenwoordig nie.

4.2 Spesiale vergadering is alleen wettig as elke lid behoorlik kennis gekry het dat so 'n vergadering gehou word ( Heidelberg 1581).

4.3 Konsistorievergaderinge (of na diens) kan alleen wettig wees as daar 'n besluit is dat daar elke Sondag kerkraadsvergadering is - egter nie aan te beveel nie. Meeste van besluite op sulke ver= gaderings moet weer hersien word.

## ARTIKEL 38

Die artikel het nog as agtergrond dieselfde beginsel as art. 37 nl. dat die plaaslike kerk die volledige openbaring van die liggaam van Christus is.

Uit die beginsel vloei voort dat daar nie willekeurig kerke ingerig kan word nie. Christus is Eën en Sy kerk (vgl. 1 Kor.1:) moet die eenheid soveel as moontlik ook organisatories laat blyk.

Waar 'n kerkraad vir die eerste maal of opnuut ingestel word, moet dit geskied met advies van die Klassis. As die aantal ouderlinge klein is, kan die diakens deur plaaslike reëling by die kerkraad gereken word; dit moet egter altyd gedoen word waar die aantal ouderlinge minder as drie is."

1. Op enkele wysiginge na is die artikel nog soos die Sinode van S. Gravenhage 1586 dit geformuleer het. Voor dit was dit 2 artikels.

1.1 Oorspronklik het die artikel gegaan oor kerke wat "van nieuws" - opnuut - ingerig moes word. Dit was toe die vlugtelinge na die verdrywing van die Spanjaarde, begin terugkeer het. Utrecht 1905 voeg by "voor het eerste" G.K.S.A. neem die artikel dan net so oor.

Die Sinode van 1955 G.K.S.A., maak die artikel ook van toepassing op persone wat nog nie in kerkverband met die Geref. kerk geleef het nie (dus wat as "groep" in Geref. kerkverband wil opgeneem word).

1.2 Wanneer gelowiges op 'n plek saam kom om as kerk geïnstitueer te word apart van hulle wat reeds as geïnstitueerde kerk bestaan, moet die kerke in die buurt hulleself behoorlik rekenskap gee of dit noodsaaklik is. Kragtens die beginsel dat die liggaam van Christus eën is en dat die eenheid ook sover moontlik in die orga= nisasie moet uitkom. Daarom bepaal die artikel dat die advies van die Klassis nodig is.

Die saak raak die kerke in die buurt en die kerke het 'n roeping om op mekaar ag te gee.

1.3 Advies beteken in die K.O. nie net raadgee, raad wat dan aanvaar of verwerp kan word nie. Advies het hier die krag van oordeel en meer beslis; om na oorweging te sê hoe besluit moet word in die verwagting dat so gehandel sal word. Die gelowiges op die bepaalde plek saam met die kerkraad onder wie se sorg hulle tot op daardie stadium was is gebonde aan die advies van die Klassis.

1.4 Die Klassis moet weer oordeel of dit noodsaaklik is om 'n kerkraad in te stel; of die kerk wat so georganiseer word, self= standig kan wees deurdat die ampsgawes teenwoordig is; of dit finansiëel moontlik is; of naburige kerke nie benadeel sal word nie.

Grense moet behoorlik vasgestel word; voorsiening vir die bediening van die Woord en leiding van die kerkraad moet gemaak word solank die kerk nog nie 'n eie predikant het nie ens. (konsulent). As meer as een Klassis geraak word moet beide se advies gevra word.

1.5 Die kerkraad onder wie se sorg die gelowiges tot op die (nuwe) institueering van die kerk was neem die leiding by die instelling en bevestiging van so 'n nuwe kerkraad.

1.6 Dr. J.D. du Toit wys daarop dat dit onmoontlik kan wees bv. in die geval van skipbreukelinge op 'n eiland, om die advies van 'n Klassis te vra. Dan moet die gelowiges alleen die nodige doen om die kerk te institueer. Dit kan onder vandag se omstandighede gebeur ingeval gelowiges bv. in 'n strafkolonie byeengebring word deur die kommuniste. Dan kan die kerkverband nie funksioneer nie. Dit is egter noodgevalle waarin na bevind van sake so

getrou moontlik volgens die voorskrifte van Christus gehandel moet word.

1.7 Hoewel die artikel dit nie reël nie is dit van selfsprekend kragtens dieselfde beginsel, noodsaaklik dat die klassis se advies ook gevra word by die sg. ontbinding van 'n kerk wat meen dat dit nie kan voort bestaan nie. (Nie meer ampsgawes nie, getalle te klein, finansieël ens.)

2. Die artikel hou ook rekening daarmee dat dit wel noodsaaklik kan wees dat 'n kerkraad vir die eerstemaal ingestel kan en moet word, maar dat dit nog so klein kan wees dat die regte regering daaronder kan ly. Vandaar die reëling dat die diakens by die kerkraad gereken kan word - in aansluiting N.G.B. Art. 30 en die K.O. artikels wat vir sekere sake aan die diakens sittingsreg op die kerkraad gee. Hulle tree dan as hulpouderlinge op. Vanselfsprekend moet in so 'n geval die leiding by die ouderlinge bly. Die funksie van die diaken as hulpouderling is om hiërar=gie of eensydigheid te voorkom. In so 'n geval dien ouderlinge ook as hulp diakens dan is daar geen aparte vergadering nie.

Die diakens kan waar die getal ouderlinge klein is bygereken word, maar moet as daar minder as drie is; vgl. formulier "waar die regering aan een of net 'n paar toevertrou word" kan hiërargie maklik intree.

Die Sinode van 1939 reël onder die artikel ook kombinasies formeel.

3. Wanneer 'n kerkraad tog ingestel kan word maar die kerk te swak is om 'n eie predikant te onderhou kan 'n kombinasie gevorm word vir die doel (of ook 'n ander doel soos die beroeping van 'n sendingleraar) deur 2 of meer kerke. Dan word 'n behoorlike ooreenkoms met advies van die Klassis gemaak. Die Sinode van 1939 het 'n leidraad gegee vir die kombinasie vorming en 'n konsep ooreenkoms vir sulke gevalle ter beskikking gestel (P.34 K.O. boekie).

Waarvolgens Jansen Voetius in so 'n geval sê dat die gekombineerde kerkrade (vir die spesifieke doel) eën kerkraad word wat met meerderheid van stemme beslis en nie "kerksgewys" stem nie, het die Sinode (G.K.S.A.) 1939 ook beslis dat besluite wat met weder=sydse instemming van die betrokke kerkrade geneem kan word om oorheersing van een kerk oor 'n ander te voorkom.

......./33

ARTIKEL 39

Die Artikel het nog dieselfde agtergrond as die voorgaande twee: die plaaslike kerk is die volledige liggaam van Christus wat regeer word deur die Kerkraad. In art. 38 is rekening gehou met 'n kerk waar die ampsgawes gering is. Nou word gehandel oor 'n plek waar daar nog geen ampsgawes (of genoegsame) of 'n te geringe aantal (sê 1 of 2 of selfs 8) gelowiges is om 'n kerkraad in te stel. Plekke waar nog geen kerkraad kan wees nie, moet deur die klassis onder die sorg van 'n naburige kerkraad gestel word.

1. Eerstens moet ons weer let op die plek. Daarmee word bedoel die moontlikheid om op een plek saam te kom vir bediening van Woord en Sakramente. Dus 'n kerk kan nog gerieflik op 'n plek wees maar uitgestrek oor 'n paar voorstede of dorpe. Alle gelowiges kan egter saamkom; dit is die belangrike punt.

Gestel egter 'n dorp lê 30 of 100 km weg van die saamkomplek "en die gelowiges het geen" vervoer nie en kan nooit eredienste bywoon nie dan is die dorp of distrik 'n plek "waar geen kerkraad kan wees nie". Die Sinode van 1955 gee aandag aan die probleem en besluit dat elke Klassis moet oordeel wanneer art. 39 toegepas moet word. Die lidmate wat hierbo bedoel word is deur die Sinode genoem "Verspreidwonend". Die Sinode van 1961 gee in 'n rapport riglyne vir die vasstelling van wie verspreid wonend is in bostaan=de sin.

2. Histories het die artikel eers 'n ander toestand op die oog gehad nl. waar die Roomse oorgegee het tot die Reformasie moes hulle gehelp word deur die Klassis om so gou as moontlik as kerk behoorlik geïnstitueer te word (Dordrecht 1578 art. 11. nader toegelig Middelburg 1581 Partikuliere vraag 10).

Dieselfde gedagte lê ook ten grondslag aan die besluite tydens die Doleansie, Rotterdam 1887 en Leeuwarden 1890, sowel as die Vryge=maakte Sinode van Groningen 1946, waarin gereël word dat die Klassis 'n gedeformeerde kerk moet help om tot reformasie te kom waar die kerkraad weier om te reformeer.

'S.Gravenhage 1586 hef die eensydige toespitsing op die reformasie van 'n kerk op en bepaal in die algemeen: "In der Plaatsen, daar noch geen kerckeraadt en is, sal middenlertijd by de classe gedoen worden, 't gene anders den kerchenraadt. Nae uytwijsen deser kercken Ordeninghen opgeleydt is te doen". art 36. Dordrecht 1618/19 neem dit net so oor as art. 39.

3. Die nuwe in die artikel is dat die Klassis moet doen wat "des kerkraadts is: sorg vir bediening van die Woord, Sakr. en tug terwyl dit so spoedig moontlik 'n kerkraad instel (wat intussen deur omstandighede vir jare vertraag kan word deur bv. te min en onvermoënde lidmate; geen of ongenoegsame amps=gawes ens.)

Utrecht 1905, waarvandaan die G.K.S.A. dit in 1913 oorneem, verander die redaksie soos ons dit vandag het.

Volgens Jansen is dit 'n prinsipiële verandering. Rutgers het beginselbesware gehad teen die bepaling dat 'n Klassis moet doen waar die kerkraad is. 'n Klassis sou onder geen omstandigheid - hoe uitsonderlik ook al - die bevoegdheid hê om te doen wat 'n kerkraad andersinds maar doen nie. Hier kom natuurlik ook aan die orde die groot kwessie van die tugreg van meerdere vergade=ringe of 'n Klassis of Sinode en 'n dominee wat deur sy kerkraad gehandhaaf word kan skors en afsit? (Vgl. Geelkerken saak). Daarop kan nie nou ingegaan word nie. (D.v. wel by art. 79 en 80 K.O.). In soverre dit hier gaan om die sorg van gelowiges wat nog nie as kerk geïnstitueer is nie, meen ek dat Utrecht se redaksie tog prinsipiëel 'n verbetering is deur 'n naburige kerkraad te belas met die taak al is dit nie juis om dieselfde redes as wat Rutgers daarvoor gee nie.

Daar kan nog buitengewone omstandighede wees waar die Klassis of selfs Part. Sinode moet doen wat der kerkraads is bv. in die geval van die paar gelowiges in Malawi nou dat dit vir die kerk van Salisbury onmoontlik geword het om daar te kom en geen kerkraad dus die taak kan onderneem. Maar in gewone omstandighede is die beginsels van hulp en verantwoordelikheid vir mekaar (Klassis) en regering deur 'n kerkraad mooi gekombineer in die huidige redaksie. "Plekke waar nog geen kerkraad kan wees nie, moet deur die Klassis onder sorg van 'n naburige kerkraad gestel word". In so 'n geval reël die kerkraad dat sulke "verspreidwonende lidmate" ten minste van tyd tot tyd eredienste bywoon en sakramente gebruik by die kerk onder wie se sorg hulle geplaas is. Of as daar 'n paar op 'n dorp of in 'n omgewing is word van tyd tot tyd Woord en Sakramente onder toesig van die kerkraad op 'n "plek" bedien.

Die name - bel. en doop - word noukeurig in die registers van die kerk onder wie se sorg hulle geplaas is aangeteken.

............/35

So gou as moontlik moet ter plaatse 'n ouderling en diaken gekies word, so nie moet ampsdraers van die kerk onder wie se sorg hulle gestel is die werk doen onder die verspreidwonendes, indien nodig moet die kerkverband so 'n kerkraad finansieël daar= toe instaat stel. Van tyd tot tyd moet daar deur die kerkraad verslag gedoen word van die arbeid aan die Klassis.

## ARTIKEL 40

Dit gaan in Art. 40 nog altyd oor die vergadering van Ampsdraers van die plaaslike kerk. "Die diakens moet gereeld saamkom om met die aanroeping van die Naam van God te handel oor die sake wat hulle amp aanbetref en die bedienaar van die Woord moet daaroor goed toesig hou en indien nodig, daarby teenwoordig wees".

1. Die artikel is in hoofsaak reeds so vasgestel op die Sinode van Dordrecht 1574. S. Gravenhage 1586 voeg die bepaling dat hulle moet handel met die aanroeping van die Naam van die Here "en dat die bedienaar van die Woord moet toesig hou", by. Utrecht 1905 voeg by die samekoms van elke week "indien nodig" en G.K.S.A. verander dit na "gereeld" in 1964.

2. Die artikel sluit aan by art. 37 - 39, waar gehandel word oor die kerkraad. Art. 38 het reeds melding gemaak van die diakens as hulpouderlinge. Ook het ons by art. 37 daarop gelet dat kragtens art. 30 N.G.B. die "ware kerk geregeer moet word volgens die geestelike bestuurswyse wat onse Here ons geleer het in Sy Woord, naamlik dat daar dienaars of herders moet wees om die Woord van God te preek en die sakramente te bedien; ook opsieners en diakens, om saam met die herders as die Raad van die Kerk te wees en deur hierdie middel ... te sorg ... dat ook die armes en bedruktes ge= help en getroos kan word na die maat van hulle behoeftes".

In art. 40 word die plek van die diakens aangewys waar hulle saam met die Herders en Opsieners gestel is om as die "Raad van die Kerk te wees". Hulle vorm 'n aparte kollege om "die armes en bedruk= te help en "te troos na die maat van hulle behoeftes". Ook hier dus die beginsel dat die kerkregering word gesamentlik en in oor= leg met mekaar uitgeoefen. Let wel: Kerkregering!

3. Die diakens doen mee aan die kerkregering, maar anders as die opsieners. Hulle diakens regeer in b.t. die barmhartig= heidsdiens. Hulle skryf voor óf, hoe, wie en hoeveel, gehelp en getroos moet word volgens Gods Woord. Die ouderlinge weer bepaal

cp grond van die Woord dat gehelp word en sien toe dat dit gebeur (Art. 25).

4. Die diakens tree op as gesante van Christus om aan die ellendiges hulp te verleen, vandaar dat hulle moet handel "met die aanroeping van die Naam van God ...". Hulle is ampsdraers deur wie Christus self in Sy kerk en na buite Sy gestalte as Barmhartige Here vertoon - deur wie Hy Sy sorgbehoewende kinders (onderdane) ook in die tydelike lewe voorsien wat nodig is.

5. Die volgende bepaling in die Art. dat die bedienaar van die Woord oor wat die diakens verhandel "goed toesig hou en, indien nodig, daarby teenwoordig moet wees", volg vanself uit die feit dat die diakens gesante, ampsdraers, van Christus is. Die Woord is hulle Bron en Rigsnoer vir die wil van Christus en die wyse waarop sy wil uitgevoer moet word. Daarom is dit vanselfsprekend dat die profetiese amp ook hier die leiding sal hê - die "toesig" dat die Woord van die Koning nagekom word.

Jansen, Bos e.a. koppel die toesig uitsluitend aan artikel 25 - die bedienaar van die Woord is dan verteenwoordiger van die kerk=raad. Speolstra (Handleiding p. 257) wys tereg daarop dat dit hier in die eerste plek gaan oor die leiding deur die Woord - (in die kerkraad) art. 25 sien op vergadering van ouderlinge met diakens.

6. Diakonale konferensies. In die kerklike praktyk het in Nederland en by ons die diakonale konferensie vroeër 'n belangrike plek ingeneem, sodat dit gedreig het om 'n aparte, selfstandige regeerliggaam, soos die meerdere vergaderinge te word (Die Sinode wys iewers (ek kan die besluit nie kry nie) dink ek, die praktyk of as strydig met die K.O. en belydenis). In die praktyk is die afwysing duidelik uit die besluit van die Sinode 1961 om nie meer 'n ampte=like afgevaardigde van die Diakonale Konferensie te ontvang nie.

Prinsipiëel het die Konferensie in die ry van kerklike vergaderinge geen plek nie. As dit bedoel is om te dien bloot as samespreking onder diakens (of ouderlinge of predikante) om mekaar op te skerp in die ampsbediening is daar seker geen fout mee te vinde nie. Daar moet net gewaak word dat geen drukgroep so gevorm word nie.

Oor diakens se plek op meerdere vergaderinge word nog steeds besin. Tog lyk dit vir my prinsipieel die suiwerste om sake te laat bly soos

dit is. Kragtens art. 25 K.O. kan diakonale sake wel op meerdere vergaderinge ter tafel kom deur die kerkrade en gesamentlike optrede deur diakens uit die kerke en kerkvergaderings moet seker altyd gekoppel wees aan die plaaslike vergadering van diakens (met verantwoording aan die plaaslike kerkraad en verder aan die Klassis ens.).

Prof. B. Spoelstra maak ter sake aanmerkings oor die konferensies wat werd is om op ag te gee in die Handleiding pp. 257/8 waar hy oor art. 40 skryf.

7. Tenslotte moet gewaarsku word dat diakens op hulle vergaderings nie die metodes van liefdadigheidsverenigings of van Volkswelsyns gebruike as hulle handel oor die sake wat hulle amp aan betref nie.

## ARTIKEL 41

### 1. Beginsel

In art. 41 tree net soos in die voorgaande artikels vanaf art. 29 die grondliggende beginsel van die presbiteriale kerkregeringstelsel op die voorgrond: Die plaaslike kerk is die volledige openbaring van die liggaam van Christus, maar nie die enigste nie en is daarom op mekaar aangewys om in die kerkregering die wil van die Here na <u>te speur</u>, <u>toe te pas</u> en <u>te handhaaf</u>.

Die eenheid van die kerke sowel as die selfstandigheid van elke kerk kom nadruklik uit in Openbaringe 1:4 en 13. Johannes spreek in die Naam van Jesus Christus die Koning van die kerk die "sewe kerke" as die volheid van die kerk as liggaam van Christus aan sonder om die plaaslike kerke op te los in die groot geheel: Christus is "tussen die sewe kandelaars" wat die sewe gemeentes is.

Hoewel kompleet en selfstandig is elke plaaslike kerk onderworpe aan dieselfde Hoof en Koning Jesus Christus. Dit moet op dieselfde wyse regeer word - Handelinge 14:23, Titus 1:5. (In elke kerk moet ouderlinge gekies word) dieselfde vereistes vir die wat verkies kan word tot ouderlinge en diakens word vir elke kerk ge=stel (1 Tim. 3:(v.r.). Die ouderlinge wat in elke stad verkies word moet in elke stad "as 'n rentmeester van God onberispelik wees, nie eiesinnig nie ... een wat vashou aan die betroubare Woord wat volgens die leer is ..." Titus 1:7 v.r.

........./38

Die kerke moet saam vasstel wat die wil van Christus in Sy Kerk is (Hand. 15). Die kerke moet op mekaar ag gee dat na die wil gehandel word (Gal. 6:1). (Hierdie brief word aan die kerke van Galasië geskryf 1:2 en daarom gaan die "Broeders", van 6:1 oor die grense van die plaaslike kerk om die kerke te vermaan tot onderlinge toesig en hulp betoon); mekaar se laste dra 6:2.

II Kor. 8 en 9 het in die eerste plek betrekking op die verantwoordelikheid wat die kerke vir mekaar het op die gebied van barmhartigheid, maar die diensbetoon rus in die eenheid van die kerke in Christus (8:9 en 23) wat hulle vir mekaar verantwoordelik maak. En om die verantwoordelikheid na te kom moet die kerke byeen kom. Vandaar die Klassis (van K : om te roep; om bymekaar te roep).

Die Klassis is 'n vergadering van naburige kerke wat elkeen 'n bedienaar van die Woord en 'n ouderling of, waar nie 'n bedienaar is nie, twee ouderlinge afvaardig.

2. Histories

Reeds die kerke in die Suid-Nederlande sowel as die vlugteling kerke in Duitsland en Engeland, sowel as Frankryk het spontaan in hulle nood die toevlug na mekaar geneem in Klassisse. Die Sinode van Emden 1571 het die wesenskern van art. 31 reeds geformuleer terwyl latere Sinodes aangevul het. Utrecht 1905 laat die preekoefening weg om die huidige redaksie so aan ons oor te lewer. Met die Revisie van '64 is voorgestel dat die 3 moeder Sinsnedes wegval "omdat die beginsel in die voorgestelde bewoording behou is..." en dat dit "onnodige reglementering is"... daar tog neergelê word dat elke Klassis bepaal wanneer die volgende byeen geroep word.

Die Sinode het die motivering klaarblyklik nie aanvaar nie en die bepaling behou dat die Klassis elke drie maande moet vergader - wat nêrens nagekom word nie. Dit is werklik 'n onnodige reglementering.

Interessant: Ringe kom van ou reling of indeling van Klassis en van Predikantsringe met die oog op makliker bediening van vakante kerke. Miskien is die drie maande behou as gevolg van 'n misinterpretasie - soos Spoelstra blykbaar aanvaar - dat bedoel word dat die roepende kerkraad nie die "Kerke" later as drie maande na die tyd wat die vorige Klassis bepaal het, mag saamroep nie. Dit is egter 'n mistasting wat net in oorhaas gemaak kan word en strook glad nie met die teks van die artikel in die historiese konteks nie, soos Spoelstra tereg aantoon.

3. Die art.sê 'n"Klassis is 'n vergadering van naburige kerke". Dus anders as die kerkraad wat 'n vergadering van persone, ampsdraers is (ook 'n Ring is vergadering van Predikante oorspr.).

Daarom verskil die Klassis van die Kerkraad eerstens in die samestelling;: die wat saam geroep word is ampsdraers wat verteenwoordigers is van kerke. Om lid van die vergadering te wees moet aan twee vereistes voldoen word:

(1) Die persoon moet 'n wettig verkose en bevestigde ampsdraer in 'n plaaslike kerk wees en
(2) deur die plaaslike kerk(raad) afgevaardig word met las en volmag om saam met ander afgevaardigdes ampsdraers te beraadslaag ook sake wat die betrokke kerke raak. Kredensiebriewe belangrik. Dit gaan oor kerkregering! Om die hoe en die dat, daarom is dit die werk van presbiters uit die verskillende kerke. Met Bouwman moet verskil word as hy sê dat dit nie noodwendig ampsdraers hoef te wees wat afgevaardig word nie. Christus het die ouderlinge geroep om te regeer.

Die artikel bepaal ook uitdruklik dat dit leer en regeer ouderlinge moet wees. Spoelstra se verklaring dat die bepaling dat dit ouderlinge moet wees sekondêr is kan nie so ongekwalifiseerd aanvaar word nie, veral as hy dit net as 'n ooreenkoms sien.

Die afgevaardigdes moet behoorlik gekies word deur die kerkraad uit sy eie geledere. Die praktyk om ouderlinge volgens Toerbeurt af te v.ardig is seker nie verkeerd nie, maar doen tog afbreuk aan die doel van die Klassis nl. om oorleg te pleeg oor hoe die kerk regeer moet word en toe te sien dat dit reg regeer word volgens die Woord van die Here. Net die bekwaamste is daarvoor goed.

Omdat dit kerke is wat saamgeroep word en die Klassis vorm, spreek dit vanself dat elke kerk eweveel afgevaardigdes sal hê. Groot kerkrade sal anders kleineres oorheers.

Bouwman beweer dat die kerk in letterlike sin teenwoordig sou wees as al die lede van die kerk ter vergadering kom. Dit is egter prakties onmoontlik tewens selfs dat alle kerkraadslede van elke kerk saam kom. Daarom vaardig die kerkraad as verteenwoordigers van die kerke af na die Klassis.

Myns insiens verloor Bouwman hier uit die oog (1) dat regering in en van die kerk deur Christus toevertrou is aan die ouderlinge en (2) dat die ouderlinge nie namens en in opdrag van die lidmate regeer nie, maar in die Naam en opdrag van Christus. Bouwman

/30

raak hier in Congregationalistiese en independentistiese vaarwaters verseild.

Sy dwaling vloei voort uit die gebruik van die bron "Kerk": vergadering van naburige "Kerke". Dit is moeilik om te begryp wat hier onder kerk verstaan word as dit voor die hand lê dat dit eintlik kerkrade, die regeerliggaam van elke plaaslike kerk, is wat saam gevoeg word om op breër vlak sake betreffende die kerk=regering te behartig. Spoelstra se verklaring "Die woord kerk" beteken hier nie die organisme van gelowiges nie, maar die geïnsti=tueerde kerk aan wie Christus die uiteofening van sy regering op=gedra het", p.260 bevredig ook nie. Is "geinstitueer de Kerk" hier is kerkraad volgens wat hy later sê? Hy bedoel dit seker nie. Om kategories soos prof. V.d. Vyver te verklaar die Klassis is <u>nie</u> 'n vergadering van kerkrade nie, gaan ook te ver. Wat is dit dan anders. Miskien kan dit versigtiger gestel word as af=gevaardigdes uit kerkrade. Dit bly 'n moeilike saak waaroor nog nader besin moet word.

Andersyds is die bedoeling van die artikel tog duidelik nl. <u>afgevaar=digde ouderlinge en predikante uit plaaslike kerke van die dieselfde omgewing met dieselfde belange kom byeen om hierdie belange te behartig in ooreenstemming met die Woord van die Here.</u>

Dit is nie 'n <u>opperkerkraad</u> wat saamgestel uit alle kerkraadslede van die kerke nou kan der wat das kerkraads is nie (Soos Bouwerman (The Church of Christ) wil nie). Dit is kerkrade van plaaslike kerke (al sou alle kerkraadslede op die Klassis teenwoordig wees) wat mekaar net help en bystaan met die oog op die hulp aan die plaaslike kerk.

Omdat die wat byeenkom ampsdraers van die plaaslike kerke is, is hulle kragtens hulle amp instaat om beslissinge na oorleg te neem sonder dat elke kerkraad vooraf die agenda deurwerk en sy afge=vaardigdes bind aan besluite nie. (Goed as agenda deurwerk, maar moet nie bind nie). Die sin van die Klassis (tewens elke meerdere vergadering) is juis dat ampsdraers uit verskillende kerke, gestuur deur kerkrade, saam oorleg pleeg oor die <u>hoe</u> van die kerkregering ooreenkomstig die Woord van die Here en saam toesien dat die kerke so regeer word.

......../41

4. Die Plek en tyd... moet deur elke vergadering in die volgende bepaal word -"wat nie drie maande uitgestel mag word nie". Dus elke 3 maande Klassis; wat nog nie in die praktyk gebeur nie. Soos reeds gesê is die bepaling nog in die artikel klaarblyklik as gevolg van 'n misverstand.

5. Die bedienaars van die Woord moet presideer: deur toe verkies of by toerbeurt. Vgl. art 35 en 37. Vanweë die gewigtigheid van 'n meerdere vergadering is dit, veral by ernstige sake, die beste om te kies. Andersyds - veral as sake normaal verloop - is toerbeurt goed om elke dienaar te oefen en om hierargie te voorkom deur die Voorsitterskap net tussen 2 persone te wissel.

Prakties is dit die beste om die Voorsitter volgens toerbeurt aan te wys en dan 'n ondervoorsitter deur verkiesing langs hom te plaas, om te help as sake moeilik word, met dien verstande dat ook die ondervoorsitter nie op die daarop volgende vergadering verkiesbaar is nie. In 'n geval waar van die toerbeurt afgewyk word as die agende "swaar" is mag die vorige toerbeurtvoorsitter nie by die verkiesing in aanmerking kom nie - ten spyte van Jansen se spitsvondigheid dat hy nie die vorige keer gekies is nie.

6. Die tweede doel handel oor die agenda van die vergadering. Benewens dit wat in die K.O. aan die Klassis opgedra is, vorm die sake wat by wyse van v.h. hier geneem word die kern van die agenda. Dit hoef nie by wyse van beskrywingspunt op die tafel gebring te word nie, dit is as'tware vanself altyd op tafel. Die vrae deur die Voorsitter benadruk die doel van die Klassis. Onderlinge toesig en hulp t.o.v. die regte bestuur van die kerk.

7. Die verkiesing van afgevaardigdes na die Part. Sinode - spreek vanself.

## ARTIKEL 42

Die artikel doen vreemd hier aan. Tog onderstreep dit die beginsel dat niemand - al is hy ook 'n ampsdraer - sonder afgevaardig te wees die reg het om mee te doen op 'n Klassis nie. Vroeër het kerke bepaal (Dordrecht 1578) dat predikante wat nie afgevaardig is nie keurstem het nie maar groot kerke het die reg vir al hulle predikante op keurstem geëis en Dordrecht 1618/19 het aan die druk toegegee, maar Utrecht het die artikel verander soos dit nou is.

............/42

Die toegewing is gemaak omdat 'n Klassis die advies van iemand buite die vergadering kan nodig kry en dat predikante kragtens hulle amp altyd 'n vrugbare bydrae kan lewer - maar alleen as die vergadering dit toelaat: kan; en nooit keurstem nie.

## ARTIKEL 43

Die artikel lyk hier uit die plek uit en eintlik onnodig.

"Aan die einde van die klassikale en meerdere vergaderinge moet sensuur uitgeoefen word oor die wat iets tugwoordigs in die vergadering gedoen of die vermaning van die mindere samekomste verontagsaam het". Dit gaan in die artikel egter ook om 'n beginsel.

Die beginsel waarom dit gaan is dat 'n Klassis (en elke meerdere vergadering) 'n vergadering van kerke is, wat saamgekom het ooreenkomstig die eis dat die kerke mekaar moet bystaan in die regering, ten dienste van die kerke. Die waardigheid van die vergadering moet altyd gehandhaaf word.

Die vorige twee artikels het gehandel oor uit wie die vergadering saamgestel is en nou word dit spontaan opgevolg met die eis dat die afgevaardigdes hulle waardig hulle roeping op die vergadering moet gedra. Dit het tydens die Reformasie nie altyd gebeur nie.

Artikel 35 sê wat tydens die vergadering met 'n indiwiduele oortreder moet geskied. Artikel 43 bepaal nou wat moet gedoen word as iemand hom wangedra en nie onder die aandag van die Voorsitter gekom het nie. Aan die einde van die vergadering moet dit dan by 'n rondvraag onder die aandag kom. Die oefening van sensuur moet ook gaan oor 'n algemene tendens van onordelikheid of 'n gesindheid wat stry teen die gesindheid wat op so 'n vergadering hoort in die sin dat lede van die vergadering vergeet dat hulle gesante van Christus is, afgevaardig deur die kerke, om besig te wees ooreenkomstig die Woord van die Here ten dienste van die kerke. Daarom kan dit ook gebeur dat lede dan vermaninge van mindere vergaderings verontagsaam. Ons tyd het die artikel veral sin as meerdere vergaderings sou neig om te ontaard in 'n vertoning van debatteerkuns; dat die Woord van die Here nie meer deurslag gee nie, maar die beste debatteerder die stemme meesleur. Dit word dan 'n regering deur 'n persoon of persone," of sentimente, i.p.v. deur of met die Woord van die Here. Daarteen moet kragtens artikel 43 gewaak word.

ARTIKEL 44

In artikel 44 staan die beginsel van onderlinge hulpverlening deur die kerke aanmekaar in die kerkregering nog voorop. Die hulpver= lening neem net 'n ander vorm as in artikel 41 aan.

"Die Klassis moet minstens twee van die oudste, mees ervare en ge= skikste bedienaars van die Woord as Visitatore benoem om in alle kerke van die Klassis gereeld kerkvisitasie te hou, vas te stel of die ampsdraers hulle ampte getrou waarneem, by die suiwerheid van die leer bly, die kerkorde in alles onderhou, die stigting van die gemeente en onderwys van die jeug behoorlik na hulle vermoë bevor= der, sodat hulle diegene wat nalatig in een of ander bevind word, betyds broederlik kan vernaam en met raad en daad alles kan help reël wat bevorderlik is vir die vrede, die opbou en belange van die kerk".

Hier bied die kerke mekaar die "broederlike hand" om deur kontak te verseker dat die ampte reg funksioneer tot opbouing van die kerk. Dit gebeur nou anders as in artikel 41. Daar word navraag gedoen. Hier word in die plaaslike kerk self ondersoek ingestel en vasge= stel of en hoe die kerk na die voorskrifte van Christus ingerig is en die reëls vir die gedrag van die gelowiges gehandhaaf word.

Die ondersoek word gedoen deur enkele bedienaars van die Woord: wat deur die jarelange getroue diens ervare en betroubaar bewys is om met raad en daad die kerke tot die regte regering by te staan.

Eintlik skep artikel 44 'n delikate pososie wat tog ook weer gewortel is in die opdrag van Christus om op mekaar ag te gee. Dit lyk na inspeksie en inmenging in die sake van die plaaslike kerk maar dit is nie, dit kan vergelyk word met Ma. 18 maar kom ook ooreen met Gal. 6:1. Daar moet nie gewag word dat 'n formele klag inge= dien word teen 'n kerk(raad) nie, ook nie die moontlikheid geskep word dat die ontroues hulle ontrou bedek deur bedrieglik op die vrae onder art. 41 te antwoord nie, (soos gebeur het om die voorlopers van Arminius in die 16e eeu te beskerm. Juis die bedrog het 'S Gravenhage 1586 die artikel laat ontwerp en Dordrecht 1618/19 die visitasie verpligtend stel. Die visitasie het die eer van Christus en die welsyn van die kerke op die oog deur die broeder= like 'belangstelling"wat betoon word deur die twee (omdat in die mond van twee of drie getuies sal elke woord vasstaan) vertroude be= dienaars van die Woord.

......./44

Jansen sê dit kan ook ouderlinge wees omdat die regering van die kerk by hulle tuis hoort. Die opvatting laat die vraag ontstaan of dit dan tog nie maar "inspekteurs of superintendente" is nie?

Dr. A. Kuyper wys in sy Kerkvisitasie te Utrecht 1868, daarop dat die gebruik om visitasie te doen reeds vanaf die konsilie van Laodicea ± 360 bestaan. Hy noem die visitatore inspekteurs wat moet toesien dat die dele van die kerkgenootskap hulle genoot=skaplike karakter moet bewaar. En die karakter is verskuil in die bediening van die Woord en Sakramente. Hy gaan in die werk nog uit van die genootskapsidee. Die inspekteurs het gedelegeerde mag van die bestuur van die genootskap. In die Roomse kerk van die Biskop, vgl. verder Kuyper ook vir die geskiedenis van die ar=tikel. Art. 44 is egter baie duidelik dat die visitatore nie gaan om te regeer in die strenge sin van die woord nie; nie gaan wette (of ordereëlings) afkondig en bevele uitvaardig om dit na te kom en rekenskap te eis oor dinge wat nie in orde is nie. Hulle gaan om vas te stel en met raad en daad by te staan - die vasstelling of beoordeling en die raad gee en die dade (bv. bemiddeling om (versoening te bring) pas by die profetiese amp. As daar nalatigheid is deur onkunde hef die bedienaars van die Woord die onbekende op deur die lig van die Woord te ontsteek ens.

En eers as opset blyk by die kerkraad waar die raad verwerp word moet visitasie plek maak vir die verhoor op 'n aanklag en oordeel deur die klassis ooreenkomstig die artikels wat die gang van die tug reël. Die visitasie bly van begin tot end die opsteking van die lig van Godswoord met die nodige vermaninge (i.e. waarskuwinge en teregwysinge), daarby - wat die kerkraad dan ter harte moet neem (as dit wel 'goeie' raad is moet dit, want dan is dit Christus wat deur die bedienaars spreek). Dit bly egter nog die saak van die kerkraad.

Uit bogaande spreek dit vanself dat dit uiters belangrik is wie die visitatore is. Daarom die voorskrif "minstens twee van die oudste, mees ervare en geskikste bedienaars van die Woord" moet as visitatore benoem word. Daar kan dus geen sprake wees van toer=beurt nie - visitatore moet gekies word om die mees ervare en geskikte broeders aan te wys.

Die Klassis stuur hulle. Vanselfsprekend moet hulle aan die Klassis rapport doen. Die vraag wat die rapport alles moet behels, lewer dikwels moeilikheid.

............/45

Duidelik is dat die visitatore tenminste 'n algemene beeld van die kerk wat besoek is, na waarheid aan die ander kerke moet voorhou. Sommige eis 'n noukeurige verslag. Maar dit sou inspeksie impliseer en dinge oopvlek wat miskien juis betyds gekeer is. (Bv. 'n sluimerende dwaling by 'n predikant wat nie deur hom of die kerkraad onderken is nie maar in die visitasie aan die lig gekom het en besef daarvan deur maatreëls van die betrokkenes skadeloos gemaak is. Deur dit te openbaar word net die teenoorgestelde bereik as wat met visitasie bedoel is.

Andersyds kan visitatore - 'n hulle bly mense - verkeerde raad gegee het en as dit nou verswyg word, is dit dalk te laat om die skade te voorkom as daar nie noukeurig rapporteer is nie.

Dit is dus 'n moeilike en delikate saak. Elke visitasie sal dus op eie meriete beoordeel moet word om die aard van die rapport te bepaal. In ernstige sake van belydenis en K.O. interpretasie is dit gewens dat die visitatore se raad deur die volle klassis getoets sal word. In ander sake kan net algemeen rapporteer word dat alles in orde is of/en dat die kerkraad met raad bygestaan is. As die kerkraad self nie saamstem met die raad nie, kan gevra word dat die Klassis dit toets. Die visitatore mag egter nooit vertroue skend nie - bv. as raad in 'n tugsaak gegee is nie. Daar moet gewaak word daarteen dat lidmate nie klagtes of skinderstories teen en oor veral die predikant aandra nie. Geen lidmaat moet te woord gestaan word sonder die wete van die kerkraad nie en sonder dat vas gestel is dat pogings aangewend is dat die kerkraad sy saak oplos nie. Alleen as daar 'n dooie punt is, of die geval so moeilik is dat kerkraad én lidmaat raad nodig het kan die visitatore hulle met so 'n saak inlaat. Die visitasie reglemente van die Klassisse wys gewoonlik die weg aan vir die praktiese toepassing van die artikel.

As hierdie artikel reg hanteer word is die heilsame uitwerking van die toepassing daarvan van onskatbare waarde vir die kerke.

Maar as dit verkeerd toegepas word en die idee skep dat dit 'n inskriment is om die besluite van 'n hoëre gesag af te dwing, werk dit kerkverwoestend.

............/46

## ARTIKEL 45

Die beginsel dat meerdere vergaderinge net van tyd tot tyd byeen kom as vergaderinge van kerke (kerkrade) tot onderlinge hulp, nood= saak administratiewe reëlinge. Omdat 'n meerdere vergadering geen permanente kollege is, met 'n permanente skriba nie, moet elke vergadering reëlings tref vir sy opvolger. Daar moet gesorg word vir 'n adres waarheen stukke gestuur kan word wat bedoel is vir die volgende vergadering. Ook moet iemand sorg dat die handelinge van die vorige vergadering voorhande sal wees sodat nie oor die= selfde sake gehandel sal word of teenstrydige besluite geneem word op volgende vergaderings nie.

Daar moet verder iemand wees wat die volgende vergadering byeen= roep op die plek en tyd deur die vorige bepaal en die konstituering seël deur die kredensiebriewe na te gaan en leiding te neem by die verkiesing van die moderamen.

Die <u>iemand</u>, sê art. 45, moet 'n kerkraad wees in die geval van die saamroeping van die vergadering. Dit is kerke (kerkrade) wat saam kom en daarom kan alleen 'n kerk (kerkraad) die ander kerke (kerkrade) saamroep en oordeel of afgevaardigdes wettig hulle kerke verteenwoordig.

Die ontvangs van stukke vir die agenda, die ordening daarvan vir die ordelike verloop van die vergadering en die bewaring van argiefstukke kan ook aan deputate (persone) toevertrou word onder beheer van die betrokke vergadering of 'n kerkraad wat daartoe benoem is.

Die roepende en korresponderende kerkrade moet net alles gereed vir die vergadering en het geen beslissingsreg namens die kerke nie, behalwe in geval dit

(1) noodsaaklik is om die tyd en plek van 'n vergadering te verander en

(2) daar 'n buitengewone vergadering opgeroep moet word.

In sulke gevalle handel die korrespondente en roepende kerkrade in oorleg met mekaar en die betrokke kerkrade of meerdere ver= gaderings.

In geval van 'n buitengewone Klassis, sal tenminste nog 2 kerkrade en in geval van 'n buitengewone Part. Sinode nog ten minste 2 Klassisse en van 'n buitengewone nasionale Sinode soos bepaal ten minste nog 2 part. Sinodes geraadpleeg moet word en die toestemming

tot die byeenroeping van so 'n buitengewone vergadering verkry word.

Oorspronklik bepaal art. 45 net dat die kerkraad voor die laaste vergadering gehou is, moet sorg dat die acta op die volgende vergadering sal wees. (Dordt. 1578). Dit word verklaar so deur die Part. Sinode (in sy deel) Tholen 1602 om ook in te sluit alle stukke wat bewaar moet word. Omdat waardevolle argiefstukke deur die wisseling van roepende kerkrade verlore geraak het is later egter besluit dat daar 'n vaste kerkraad benoem moet word net vir die ontvangs en bewaring van argiefstukke.

By ons het die Sinodes van 1961 en 64 behoorlike argiefreëlings gemaak te Potchefstroom en is korresponderende kerkrade net verantwoordelik vir die bewaring tot die stukke daarheen versend kan word.

## ARTIKEL 46

Die artikel is eintlik vanselfsprekend en reeds in 1571 in die K.O. vervat. Dit is vanselfsprekend omdat dit in die kerkregering gaan om die vasstelling van die Koningswoord wat vas is! Daar word in die Nuwe teologie geopereer met die gedagte dat ander tye, ander norme tevoorskyn roep. In hierdie artikel word kort en bondig geantwoord: die Woord van die Here is altyd dieselfde - gister, vandag en more."..sodat wat eenmaal afgehandel is, nie weer voorgestel word nie..."

Daar is geen geleentheid vir die afwykende kerk bv. om selfs die druppende kraan wat die klip laat bars, vergadering na vergadering met dieselfde voorstel te kom totdat dit eindelik die eie (afwykende) gevoel deurgedruk kry nie. Die uitspraak word eenmaal gegee oor hoe volgens God se Woord gehandel moet word en dit is afgehandel.

Die beginsel word sterk gestel. Maar daar volg ook "tensy....", daar word gereken met die feilbaarheid ook van 'n meerdere vergadering. Dit is alleen die Woord van God wat onfeilbaar is. Dit kan noodsaaklik wees om "iets te verander" omdat o.a.
(1) die Woord van God verkeerd verstaan of toegepas is -
(2) die tye so verander het dat 'n besluit nie meer toepaslik is nie - dan raak dit vanself nie die beginsel nie maar middelmatige sake.

......../48

(3) die besluite nie duidelik geformuleer is nie of nie rekening gehou het met alle omstandighede nie.

Die noodsaaklikheid dat die besluit moet verander word moet bewys word deur 'n gravamen (bewaarskrif) as dit sake van beginsel raak.

Die Sinode 1964 het prosedure reëls neergelê en ook bepaal dat 'n Grovamen

(1) "gerig word tot die vergadering wat die besondere besluit geneem het waarteen beswaar gemaak word". Teen die bepaling het Spoelstra beswaar (Handleiding) omdat dit sou impliseer dat dit of net kan beteken dat dit dieselfde vergadering wat die besluit geneem het, moet wees of dat die meerdere vergaderings permanente kolleges is. Op die letter af lyk dit of hy gelyk het, maar dit is duidelik nie die bedoeling nie. Die prosedure reël beteken net dat as 'n Klassis 'n besluit geneem het waarteen beswaar aange= teken word dat dit strydig is met Gods Woord, die belydenis of K.O., dan moet beswaar by die volgende Klassis ingedien word en nie bv. die Part. Sinode nie. (As dit op grond van art. 46 geskied). Dit sluit nie uit (soos Spoelstra blykbaar redeneer nie) dat 'n beswaarde eers die oordeel van 'n mindere vergadering vra nie, dan kan die beswaarde selfs ook as dié van die mindere vergadering dien as die betrokke vergadering.

Noodsaaklike veranderinge t.o.v. middelmatige sake kan by wyse van vraag of beskrywingspunt geskied, natuurlik met behoorlike motivering. In die 16 eeu het die begrip Gravemina beide beginselbesware, sowel as vrae oor middelmatige of besinselsake behels. Tans het dit meer betrekking op beginsel besware.

Met die artikel moet besondere erns gemaak word anders word die leiding van die Heilige Gees in die geskiedenis van die kerk nie na behore geag nie.

## ARTIKEL 47

In Art. 47 - 51 gaan van dieselfde beginsel uit as art. 41 - 46 nl. dat die kerke op mekaar aangewys is in die kerkregering. Die kring van kerke wat betrokke is, is net groter. Hier is sprake van Sinode-samekoms. Dit het 'n tegniese term geword om die kerk= like vergaderinge van groter omvang as die Klassis aan te dui.

Partikuliere Sinodes is vergaderinge van naburige Klassisse. In hierdie vergadering kulmuneer (of behoort) die sake wat die prak= tiese kerkregering raak en word leerbeslissinge en kerkregtelike sake van algemene belang voorberei. As die Partikuliere Sinode goed funksioneer behoort daar baie min sake rakende die kerkrege= ring (in soverre dit die praktiese sy betref) op die nasionale sinodale tafel te kom. Daarom is 'n jaarlikse byeenkoms noodsaak= lik. Tugsake behoort hier gefinaliseer te word en alle kerke be= hoort in sake van plaaslike aard waarvoor hulle hulp nodig het, naas die Klassis genoeg te hê aan die Part. Sinode sodat net sake rakende die belydenis en K.O. wat alle kerke raak deur die Nasionale sinode behandel hoef te word. Die pogings om die Part. Sinode af te skaf is 'n openbaring van kortsigtigheid m.b.t. die toepassing van die Geref. Kerkregering waarin die sirkels altyd breër uitkring vanaf die plaaslike kerk, na die onmiddellike omgewing en daarna die streek omvat en eindelik uit die breedste kring in die Nasionale en Algemene Sinodes saam te kom.

Hoe omvattender die vergadering hoe minder (kwantitatief) die sake wat op 'n tafel kom, maar dan ook juis meer "in kwalitatiewe win".

Die naburige Klassisse wat byeenkom as die Partikuliere Sinode, dui op meer kerke wat byeenkom om beter hulp te kan bied en veral om sake in 'n besondere streek waarin die kerke dieselfde belange het, te behartig. Die groepering van Klassisse om 'n Part. Sinode te vorm is dus nie willekeurig nie.

Oorspronklik het dit uit Klassisse bestaan van kerke wat in dieselfde land 'n toevlug gevind het. So was daar 1571 bv. die Part. Sinode van die vlugteling kerke uit Duitsland en Engeland, saam met die in Nederland. Na die bevryding is die Klassisse volgens staatkundige indeling gegroepeer in die vorming van Part. Sinodes in Nederland. Hier by ons is aanvanklik ook uitgegaan van die Provinsiale grense, maar later meer van die getal Klassisse. Die latere indeling neig so om meer rekening te hou met die aantal Klassisse en minder met Provinsiale grense. Dit lewer probleme op wat die behartiging van sake van algemene Provinsiale belang, soos onderwys veral bemoeilik en veral wek dit die gedagte van onderafdelings van 'n groot geheel in Kollegiale Sinodes. Die afvaardiging na die Part. Sinode is 'n gelyke aantal predikante en ouderlinge uit elke Klassis - daar moet <u>ooreenstemming</u> deur

oortuiging wees op 'n Sinode en nie deur oorstemming deur 'n Klassis wat uit meer kerke bestaan as 'n ander een wat in die Part. Sinode verteenwoordig is nie.

Dieselfde vereistes vir 'n korresp. en roepende kerkraad geld vir die Part. Sinode as vir die Klassis. 'n Klassis kan aangewys word om 'n roepende kerkraad te benoem of die Part. Sinode kan self een benoem.

## ARTIKEL 48

Hierdie artikel is deur die Sinode van Dordracht 1618/19 in die K.O. ingevoeg nadat die noodsaaklikheid daarvan veral vanaf 1586 geblyk het. Die Nederlandse owerhede het van toe af die Nasionale Sinodes belet uit vrees dat die kerke deur die Sinodes te self=standig teenoor die owerhede sou word.

Gedurende die tyd het die voorlopers van die remonstrante al woelig begin raak en veral na die eeu wisseling het die Part. Sinodes groot behoefte gehad aan die belewing van die kerkverband in die optrede teen die remonstrante.

Op voetspoor van Zind Holland wat deputante vir korrespondensie na Noord-Holland gestuur het in 1593, het dit voor 1618/19 algemene praktyk geword en het Dordrecht die praktyk in die K.O. bevestig.

Die Korrespondensie het bestaan in die oor en weer afvaardiging van deputate wat adviserende stem gehad het in alle sake wat albei Part. Sinodes geraak het 'n beslissende stem.

Vandag, hoewel Nasionale Sinodes gereeld byeenkom, is die artikel nog nodig. Dit kan gebeur dat die Nasionale Sinodes om een of ander rede nie byeenkom nie, maar selfs as hulle byeenkom is die korrespondensie tussen Part. Sinodes (en Klassisse) onderling nog nodig in spesifieke sake wat meer as een Part. Sinode (Klassis) raak en van tyd tot tyd na vore kom (Onderwys) en wat tog nie by 'n Nasionale Sinode tuis hoort nie.

Die manier waarop die korrespondensie beoefen is, is van die begin af bepaal deur wat die mees profytlike was. Dit het neer=gekom op:

............/51

1. Stuur van afgevaardigdes.
2. Briefwisseling.
3. Uitruiling van Agenda en Acta.

In hierdie artikel maak ons vir die eerste keer kennis met die term Korrespondensie op 'n vlak wat geen probleme lewer nie en eintlik van selfsprekend is. In art. 51 kom die term weer na vore: met betrekking tot die verhouding tussen kerke oor Nasionale en taalgrense heen.

Nou moet egter reeds voorgestel word dat van Korrespondensie in die Sinode van die K.O. alleen sprake is waar daar eenheid van belydenis en kerkregering is. Die term Korrespondensie word letterlik geneem nl. daar is ooreenkoms of ooreenstemming tussen die kerke daarom moet met mekaar oorleg gepleeg word in sake van algemene belang om tot 'n optrede wat ooreenstem te kom. Om Korrespondensie te onderhou is dus 'n vorm waarin die kerkverband beleef word; 'n gebrekkige vorm wat die plek van Nasionale Sinodes inneem. (Kyk vir die term Korrespondensie ook Sinode 1955 bls.157).

## ARTIKEL 49

Artikel 49 het in die K.O. gekom op die Sinode van Dordrecht 1618/19.

Dit het as agtergrond die beginsel dat meerdere vergaderinge nie permanente bestuurskolleges is nie. Daar moet dus gesorg word vir 'n weg waarlangs besluite, wat nie uitgevoer kan word tydens die vergadering nie, tog uitgevoer kan word.

Die kerke vergader in die meerdere vergadering, benoem dan persone (nie noodwendig ampsdraers nie) wat geskik is om die besluite van die gesamentlike kerke uit te voer.

Deputate is dus nie regeerders wat na eie oordeel in naam van die kerke optree nie. Daar word geen sodanige mag aan hulle gedelegeer nie. Hulle is gebonde aan wat besluit is. Daarom "... van wat besluit is uit te voer volgens 'n wel omskrewe opdrag". Meerdere vergaderinge moet dus daarop let dat duidelike opdragte gegee word en deputate dat stip daarna gehandel word. Hulle moet ook aan die kerke byeen in 'n volgende vergadering verslag doen dat en hoe hulle hul opdrag uitgevoer het. Daar sal van hulle verwag word om 'n notule te hou van wat hulle doen.

......../53

Die Artikel noem dan besondere deputategroep wat deur Part. Sinodes in elk geval benoem moet word en dit raak verskillende K.O. arti=kels.

Waar die K.O. bepaal dat met advies van deputate gehandel moet word en die Klassis die advies nie aanvaar nie, mag die Klassis die besluit nie uitvoer alvorens die Part. Sinode na rapport van die deputate daaroor beslis het nie. (Vgl. ook Rutgers 1, Kerke=lijke Deputaten.

## ARTIKEL 50

Hierdie artikel is deur die Algemene Sinode Hammanskraal 1975 aan=gevul. Die redaksie soos vasgestel op die Sinode 1964 is ge=handhaaf wat die eerste gedeelte betref. Die lid wat bygevoeg is lees "Die Nasionale Sinodes van die Gereformeerde Kerke kom saam in Algemene Sinodes waarheen elke Nasionale Sinode vyf be=dienaars van die Woord en vyf ouderlinge afvaardig".

Die bewoording pas nie goed aan by die eerste lid nie omdat i.p.v. die beginsel dat 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge, gestel word, die aantal (hoewel gelyk) bepaal word.

### 1. Samestelling

Die samestelling van die Nasionale en Algemene Sinodes is uiter=aard prinsipieël dieselfde as die van Partikuliere Sinodes.

Daar moet egter gelet word op die wyse van afvaardiging. Soms word die gedagte dat predikante volgens toerbeurt afgevaardig moet word (dit gebeur baie by die afvaardiging van die Klassis na die Part. Sinode) sterk voorgestaan. Dit sou voorkom dat dieselfde predikante by herhaling afgevaardig word - wat die moontlikheid van hierargie skep. Verder, so word geredeneer, gee dit 'n geleent=heid aan predikante om op 'n Sinode te kom, wat anders nooit die geleentheid sou kry nie. Elkeen moet deur afvaardiging na die Sinode die geleentheid kry om te leer en om belangstelling vir die werk na die breedste vergadering van kerke te kweek.

Hierop kan net saam met H. Bouwman (1934) verklaar word dat 'n meerdere vergadering (en veral 'n. Sinode) nie 'n leerskool is nie maar wel 'n regeerliggaam ten bate van die kerke. Alleen die bekwaam=ste manne moet daarheen afgevaardig word om namens die kerke te

............./54

beraadslaag en te besluit.

2. <u>Tyd van sameroeping</u>

Aangesien Sinodes nie permanente vergaderinge is soos 'n kerkraad nie en eintlik net saamgeroep behoort te word wanneer die algemene belang van die kerke dit vereis, of wanneer in plaaslike kerk of kerke die hulp van al die kerke, wat in verband met mekaar saam= leef nodig het (Vgl. Handelinge 15 en die Sinodes gedurende die eerste 3 eeue), lyk dit na 'n onnodige reglementering (net soos in art. 47) om te bepaal dat daar elke drie jaar 'n Nasionale Sinode moet wees. (Die Algemene Sinode moet nog besluit op 'n presiese tyd).

Dat daar nie volstaan is met 'n algemene bepaling dat daar Sinodes moet wees nie, maar oorgegaan is tot die stukkie reglementering in Art. 50, moet daaraan toegeskryf word dat dit in die praktyk geblyk het dat die algemene belang van die kerke sowel as die behoefte aan onderlinge hulp, van so 'n aard is dat dit die saam= roeping van Sinodes op vasgestelde tye vereis.

Daar word ook in die Artikel rekening gehou met die moontlikheid dat die belange of behoefte aan hulp, die samekoms van die kerke binne die vasgestelde tyd noodsaaklik kan maak. Daar kan egter nie ligtelik oorgegaan word tot die stap nie.

Die kerk of mindere vergadering wat behoefte het aan so 'n buiten= gewone (buitengewoon omdat die agenda net bestaan uit die buiten= gewone saak of sake wat ter beslissing voorgelê word), Sinode wend hulle deur die volgende meerdere vergadering na die Part. Sinode om te oordeel of die saak wel van so 'n aard is dat dit 'n buitengewone Sinode regverdig. Indien die Part. Sinode dit nodig ag word dit aan nog 'n Part. Sinode voorgelê vir sy oordeel voordat die roepende kerk genader kan word om 'n buitengewone Sinode byeen te roep.

Daar kan ook gevra word vir 'n vervroegde Sinode. Dit is dan 'n Sinode wat die gewone agenda van beskrywingspunte en rapporte afhandel, maar wat byeengeroep is voordat die 3 jaar verstryk het, omdat daar sake op die agenda is wat spoediger aandag moet geniet, maar tog nie 'n buitengewone Sinode regverdig of op 'n ander wyse af= gehandel kan word nie.

3. <u>Werkswyse</u> (vgl. Bylae by art. 50, studente moet noukeurig daarvan kennis neem).

Die doel van die reglementering is om die agenda so spoedig, maar

......../55

ook so deeglik moontlik afgehandel te kry. So 'n groot vergadering kan nie vir 'n onbepaalde tyd byeen gehou word nie. Veral die ouderlingeafgevaardigdes vind dit moeilik om te lank van hulle werk afwesig te wees.

In Nederland is die oplossing deur die Geref. Kerken in Nederland gesoek in die verspreiding van die sittingsperiodes selfs oor jare heen. Volgens die metode konstitueer die Sinode net en verwys die agenda na kommissies. Daarna gee die volle Sinode periodiek aandag aan die rapporte van die kommissies totdat die agenda oor 'n tydperk van 'n jaar of meer afgehandel is.
Prinsipieël kan daar seker nie beswaar teen wees nie, mits die agenda nie ook in die periode uitgebrei word nie. As dit gebeur sou dit die karakter van die vergadering verander.

Die metode is vir ons in S. Afrika onprakties vanweë die hoë koste wat dit onder die omstandighede, soos veral die langafstande, sou meebring. Wanneer gelet word op Art. 30 K.O. sal dit nog lank moontlik bly om gedurende drie weke die agenda af te handel.

## ARTIKEL 51

Die Redaksie van 1964 is deur die Algemene Sinode Hammanskraal 1975 verander na: "Die Nasionale Sinodes reël die korrespondensie met Gereformeerde Kerke buite die Republiek van S.A., met goed=keuring van die Algemene Sinode".

Hierdie artikel is van die begin af telkemale verander. Oorspronk=lik het dit die verhouding tussen die Waalse en Nederlandse Gerefor=meerde kerke gereël; daarna tussen die Nederlandse en Indiese kerke. In S.A. is die Artikel na omstandighede aangepas, eers om die verhouding van die kerke binne die Unie van S.A. en daar=buite te reël, daarna om die verhouding met die kerke oor die wêreld en nog later ook die met die kerke onder die nie-blankes in S.A. te reël.

Hoewel die huidige artikel reeds van krag is, sal dit seker weer gewysig word. Daar is deur die Nasioanle Sinode van die Geref. Kerk in S.A. te Potchefstroom 1976 verskillende bedenkinge teen die huidige redaksie geopper, o.a. teen die bepaling dat die Algemene Sinode die aangaan van korrespondensie deur Nasionale Sinodes moet goedkeur. Die vraag is geopper of hier nie 'n hierargiese beginsel - 'n soort oppertoesig - ingeloods is nie. Hier is nie meer sprake van saambesluit of met "advies van" nie, maar wel van klaar besluit en dan kontrole. 'n Soort van teen=

(Vergelyk Acta 1976 p. 435)

Onder al die wysiginge van die Artikel wat hierbo genoem is, het een beginsel vas gebly nl. die van die eenheid in leer, diens en tug wat die kerke ook op organisatoriese vlak na mekaar toe dwing.

Langsamerhand is ook die praktiese implementering van die beginsel soos in Art. 48 uitgewerk in die artikel bygetrek. Die State= generaal van die Nederlandse Republieke wou na Middelburg 1586 nie meer toelaat dat Nasionale Sinodes byeen kom nie. Daar is toe gereël dat die eenheid in leer, diens en tug, onder die om= standighede deur korrespondensie gehandhaaf word.

Korrespondensie is histories gesien dus 'n gebrekkige vorm van die praktiese belewing van die kerkverband. Deur briewe en/of afgevaardigdes het die Part. Sinodes mekaar op hoogte gehou van hulle besluite (soos vandag by ons deur die toesending van Agenda en Acta) en is in geval van leerkwessies aan mekaar se deputate keurstem verleen.

Voorts kom korrespondensie in die erkenning van attestasies; bedienaars van die Woord, ens.

Korrespondensie kom onder sekere omstandighede soos in geval van afstand, taalverskil, owerheidsbemoeiing ens. waardeur die saam= roeping van 'n Sinode onmoontlik gemaak word, in die plek van 'n Sinode.
Maar, net soos in die geval van 'n Sinode, is by die beoefening van korrespondensie in die sin van Art. 51 die eenheid in leer, diens en tug voorwaarde.

Vergelyk Acta 1862 en 1869. Sien ook my artikel in die Goue Kandelaar 1973, asook dr. K.S. v.Wyk de Vries, In die Skriflig, Des. 1972; Acta Sinode 1976 pp. 243 en veral pp. 253 e.v., sowel as die bylae by art. 51 K.O.

Hieruit blyk ook dat, hoewel die begrip korrespondensie deur die loop van jare ander betekenisse gekry het en daar tans 'n neiging is om dit in die meer algemene betekenis van "kontak" te neem, die betekenis van korrespondensie in Art. 51 alleen geneem kan word in die sin van die praktiese belewing van die kerkverband kragtens die eenheid in leer, diens en tug.

## ARTIKEL 52

In Artikel 52 word die arbeid van die kerk na buite gereël. Dit handel oor die ordelike bediening van Woord, Sakramente en tug waar nog geen behoorlike kerkorganisasie is en kan wees op die sendingvelde nie. Die Sendingorde is 'n soort intern reëling waardeur die beginsels van die K.O. prakties toegepas word in die oorgangstyd terwyl daar nog kerke versamel word, maar nog nie behoorlik geïnstitueer is nie. Dit spreek vanself dat sodra die kerke behoorlik geïnstitueer is die S.O. met die K.O. vervang moet word.

Kyk in S.O. bylae Art. 52.